



182968956F

090985



RGN-HSRC

**SENTRUM VIR BIBLIOTEK- EN  
INLIGTINGSDIENSTE**

**CENTRE FOR LIBRARY AND  
INFORMATION SERVICES**

**VERVALDATUM/DATE DUE**

|  |  |  |  |
|--|--|--|--|
|  |  |  |  |
|--|--|--|--|



\* 3 0 3 6 3 5 \*

Copy: 303635 -



1929933866

BBS/ASS - 29

## **Benutting van videotegnologie by maatskaplike hulpverlening**

*H.C. Hattingh  
A.S. de Vos*

Algemene redakteur: Ina Snyman

**RGN Koöperatiewe Program: Bekostigbare Bestaansekerheid  
Subprogram: Maatskaplike Voorsiening**

**RGN  
Pretoriusstraat 134  
Pretoria  
1992**

Die RGN Koöperatiewe Program: Bekostigbare Bestaansekerheid is binne die Groep: Samelewingsdinamika gesetel en word bestuur deur middel van drie subprogramme waarvan die Subprogram: Bekostigbare Maatskaplike Voorsiening een is.

Die klem in sowel die oorkoepelende program as die subprogramme is op die bekostigbaarheid, doeltreffendheid en algemene toeganklikheid van maatskaplike dienste en voorsiening. In hierdie verslag is die fokus op die ontwikkeling van 'n besondere tipe hulpprogram met spesiale verwysing na die meting van sy waarde.

Die RGN, en spesifiek die komitee van die Subprogram: Bekostigbare Maatskaplike Voorsiening, stem nie noodwendig saam met menings wat in die verslag uitgespreek word nie.

**Komiteeëde**

Prof. R. Ramphal (voorsitter), mev. C. Dawson, prof. E.A.K. Hugo, prof. L. Schlemmer, mev. E. Sithole, dr. S.A. Snyman (programbestuurder), prof. M.A. van Zyl

**Spesialiskonsultante**

Dr. D.B.T. Hackland, dr. M. McLachlan, dr. J. Op't Hof

**Programsekretaris**

Mev. A. Tucci

|                      |                      |
|----------------------|----------------------|
| <b>RGN BIBLIOTEK</b> |                      |
| 1992 B. 29.          |                      |
| <b>HSRC LIBRARY</b>  |                      |
| <b>STANDKODE</b>     | <b>AANWINSNOMMER</b> |
| 001.3072c68          | 090985               |
| HSRC ASS 29          |                      |

ISBN 0 7969 1261 0

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1992  
Verslag gedruk deur die RGN-drukkery  
Privaatsak X41  
PRETORIA, 0001

## **ABSTRACT**

In spite of the widespread acceptance and use of video technology in society, this technology has not yet been applied optimally in social work and social welfare practice. In this study video technology has been developed and evaluated in different practice settings.

The ultimate aim is to promote this form of social technology in social work, social welfare and related fields. The report contains clear guidelines in this regard.

## **EKSERP**

Ten spyte van die wye aanvaarding van videotegnologie word dit nie optimaal in maatskaplikewerk-praktyk benut nie. Met hierdie navorsingsprojek is aangetoon dat die ontwikkeling van effektiewe programmetodiek ten opsigte van videotegnologie die optimale benutting daarvan moontlik kan maak.

Die uiteindelijke doelwit is om hierdie tipe tegnologie in maatskaplike werk, maatskaplike welsyn en verwante diensvelde te bevorder. In die verslag word duidelike riglyne in dié verband aangegee.

# INHOUD

Bladsy

## ABSTRACT/EKSERP

|           |  |           |
|-----------|--|-----------|
| <b>1.</b> | <b>AGTERGROND EN NAVORSINGSONTWERP</b>   | <b>1</b>  |
| 1.1       | Agtergrond   | 1         |
| 1.2       | Motivering vir die navorsingsprojek  | 2         |
| 1.3       | Doel van die navorsingsprojek  | 3         |
| 1.4       | Navorsingsmodel  | 3         |
| <b>2.</b> | <b>ONTWIKKELINGSFASE - DOELSTELLING 1: BEHOEFTEBEPALING</b>                      | <b>6</b>  |
| 2.1       | <i>Doelwit 1</i> - Identifisering van behoeftes                                  | 6         |
| 2.1.1     | Opname-ondersoek   | 6         |
| 2.2       | <i>Doelwit 2</i> - Formulering van 'n programdoelstelling                        | 14        |
| 2.2.1     | Bevindings van die opname-ondersoek  | 14        |
| 2.2.2     | Omskakeling van behoefte na programdoelstelling                                  | 15        |
| 2.3       | <i>Doelwit 3</i> - Stand van bestaande videotegnologie                           | 16        |
| 2.3.1     | Ondersoek  | 16        |
| 2.3.2     | Bevinding  | 16        |
| 2.4       | Samevatting  | 16        |
| <b>3.</b> | <b>ONTWIKKELINGSFASE - DOELSTELLING 2: EKSPLOREERING</b>                         | <b>17</b> |
| 3.1       | <i>Doelwit 1</i> - Eksplorering en voorlopige selektering van tegnologiese items | 17        |
| 3.1.1     | Identifiseer inligtingsbronne  | 17        |
| 3.1.2     | Siftingsprosedure  | 18        |
| 3.1.3     | Potensiële tegnologiese items  | 20        |
| 3.1.4     | Konseptegnologie   | 27        |
| 3.2       | <i>Doelwit 2</i> - Uitvoerbaarheidstudie   | 29        |
| 3.2.1     | Tegnologiese uitvoerbaarheid   | 29        |
| 3.2.2     | Ekonomiese uitvoerbaarheid   | 30        |
| 3.2.3     | Organisatoriese uitvoerbaarheid  | 30        |
| 3.3       | Samevatting  | 30        |
| <b>4.</b> | <b>ONTWIKKELINGSFASE - DOELSTELLING 3: VERVAARDIGING</b>                         | <b>31</b> |
| 4.1       | <i>Doelwit 1</i> - Plan van nuwe tegnologie                                      | 31        |
| 4.1.1     | Programdoelwitte   | 31        |
| 4.1.2     | Tegnologiese items   | 32        |
| 4.2       | <i>Doelwit 2</i> - Werkbaarheidsassessering                                      | 35        |
| 4.2.1     | Vervaardig prototipe   | 36        |
| 4.2.2     | Toets prototipe  | 36        |
| 4.3       | <i>Doelwit 3</i> - Afronding van produkpakket                                    | 38        |
| 4.3.1     | Voorlegging aan lede van die produksiekomitee                                    | 38        |
| 4.3.2     | Implementeer bevindings  | 38        |
| 4.4       | Samevatting  | 38        |
| <b>5.</b> | <b>ASSESSERINGSFASE - DOELSTELLING 1: SUMMATIEWE EVALUERING</b>                  | <b>39</b> |
| <b>I</b>  | <b>EERSTE IMPLEMENTERING</b>   | <b>39</b> |
| 5.1       | <i>Doelwit 1</i> - Implementeringsmonitering                                     | 39        |
| 5.1.1     | Organisering vir programimplementering   | 40        |
| 5.1.2     | Insameling van evalueringsdata   | 41        |

|                  | <b>Bladsy</b>                                |           |
|------------------|--|-----------|
| 5.1.3            | Gevolgtrekking                               | 44        |
| 5.2              | <i>Doelwit 2</i> - Uitkomsevaluering         | 45        |
| 5.2.1            | Hipotesestelling                             | 45        |
| 5.2.2            | Hipotesetoetsing                             | 45        |
| 5.2.3            | Gevolgtrekking                               | 51        |
| <b>II</b>        | <b>TWEEDE IMPLEMENTERING</b>                 | <b>51</b> |
| 5.3              | <i>Doelwit 1</i> - Implementeringsmonitering | 52        |
| 5.3.1            | Organisering vir programaanbieding           | 52        |
| 5.3.2            | Insameling van evalueringsdata               | 53        |
| 5.4              | <i>Doelwit 2</i> - Uitkomsevaluering         | 54        |
| 5.4.1            | Hipotesestelling                             | 54        |
| 5.4.2            | Hipotesetoetsing                             | 54        |
| 5.4.3            | Gevolgtrekking                               | 66        |
| 5.5              | Samevatting                                  | 66        |
| <b>6.</b>        | <b>GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS</b>       | <b>67</b> |
| <b>BRONNELYS</b> |  | <b>69</b> |

## **LYS VAN TABELLE**

|              | <b>Bladsy</b>  |    |
|--------------|--|----|
| <b>TABEL</b> |  |    |
| 2.1          | RESPONS OP VRAELYSTE VAN NASIONALE RADE EN<br>GEAFFILIEERDE VERENIGINGS                        | 8  |
| 2.2a         | BENUTTING VAN OUDIOVISUELE HULPMIDDELS   | 9  |
| 2.2b         | BENUTTING VAN OUDIOVISUELE HULPMIDDELS TEN OPSIGTE<br>VAN VERSKILLENDE AREAS VAN DIENSLEWERING | 11 |
| 2.3          | BEHOEFTE TEN OPSIGTE VAN VIDEOTEGNOLOGIE   | 12 |
| 2.4          | MOONTLIKE TOEKOMSTIGE BENUTTING VAN VIDEOTEGNOLOGIE  | 13 |
| 2.5          | ONDERWERPE VIR VIDEOPROGRAMME  | 13 |
| 5.1          | SAMEVATTING VAN KWANTITATIEWE DATA   | 46 |
| 5.2          | TEKEN-RANGORDETOETSE VIR DIE VERSKIL TUSSEN<br>GEMIDDELDE TELLINGS                             | 56 |

## **LYS VAN FIGURE**

### **FIGUUR**

|     |  |    |
|-----|--|----|
| 1.1 | GEÏNTEGREERDE MODEL VIR ONTWIKKELINGSNAVORSING                       | 5  |
| 3.1 | MENSLIKE BEHOEFTE EN LIGGING VAN VERWANTE<br>HULPBRONNE              | 19 |
| 5.1 | VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS T.O.V.<br>SATISFAKSIE             | 58 |
| 5.2 | VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS T.O.V.<br>FRUSTRASIE              | 59 |
| 5.3 | VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS T.O.V.<br>GLOBALE PERSEPSIE       | 60 |
| 5.4 | VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS T.O.V. KENNIS                     | 61 |
| 5.5 | VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS T.O.V.<br>SELFAGTING              | 63 |
| 5.6 | VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS T.O.V.<br>PORTUURGROEPVERHOUDINGS | 64 |

# **1. AGTERGROND EN NAVORSINGSONTWERP**

## **1.1 Agtergrond**

Die video-opnemer en die televisie-monitor het reeds gedurende die sestigerjare vir wetenskaplike en terapeutiese doeleindes beskikbaar geword. Aanvanklik is die benutting van videotegnologie in hulpverlening dikwels verkeerd verstaan en is dit as 'n nuwe terapie op sigself gesien. 'n Besonder bruikbare boek oor die benutting van videotegnologie in hulpverlening is byvoorbeeld getitel "Videotherapy in mental health" (Fryrear 1981). Wanneer die video in hulpverlening benut word, is dit egter gou duidelik dat dit niks meer kan wees as tegnologie nie. In die hande van die kundige hulpverlener kan verlangde verandering wel daarmee bewerkstellig word. Dieselfde resultate kan egter nie sonder die terapeutiese verhouding tussen klient en hulpverlener bereik word nie (vgl. Hung & Rosenthal 1981). Milton Berger (1978:138), wat die benutting van videotegnologie vir die geestesgesondheidspraktisyn uitvoerbaar gemaak het (vgl. Kolb 1978), ondersteun bogenoemde siening as hy beweer: "The media is not the therapy or the psychotherapist but rather a facilitative electronic tool similar to what a microscope is to a physician who can better and more appropriately diagnose, prescribe and function as a healer after integrating the data obtained through the medium of the microscope."

Saam met ander elektroniese toerusting word videotegnologie as die hulpverlener se basiese toerusting vir die 21ste eeu gesien en al meer benuttingsmoontlikhede word vir die tegnologie gevind (Waltz & Hoffman 1982). Dit hou die volgende moontlikhede vir die bevordering van maatskaplike hulpverlening in:

- Die video is 'n tyd-effektiewe medium wat nie moeg en verveeld raak nie. Dit kan 24 uur, elke dag, aangewend word om mense te leer en te motiveer.
- Videotoerusting word al hoe goedkoper, effektiewer en makliker hanteerbaar.
- Die wye verskeidenheid videomateriaal wat beskikbaar is, maak dit moontlik om verskillende dimensies aan 'n aanbieding te gee, byvoorbeeld deur die gebruik van deskundiges, modellering, demonstrasies en grafiese materiaal.
- Dit is moontlik om persone te hoor en te sien met wie 'n mens nie gewoonlik kontak maak nie, soos deskundiges, lede van paneelbesprekingsgroepe en bekende persoonlikhede.
- Dit is moontlik om verafgeleë plekke te bereik waar daar nie kundiges is wat self die aanbieding kan waarneem nie.
- Die inhoud en gehalte van die aanbieding kan grootliks gekontroleer word.



- Video-opnames kan onmiddellik teruggespeel en benut word.
- Die videoband kan waar nodig begin, gestop en herhaaldelik vertoon word sodat daar volgens die behoeftes van elke kliënt of groep gewerk word.
- Die hulpverlener se tyd en energie kan beter benut word deur beskikbare tyd vir die hantering van probleme en vrae te gebruik.
- Die medium word deur die meeste leerders aanvaar en prikkel die belangstelling.

(Vgl. Oosthuizen 1986:9-10; Gayeski 1983:19-20; Roeske 1979:1391; Quick & Wolff 1976:8-9.)

## **1.2 Motivering vir die navorsingsprojek**

Ten spyte van die wye aanvaarding en benutting van videotegnologie word dit nie optimaal gebruik nie (Arwady & Gayeski 1989:4). Katz (1975:44) onderskei drie basiese formate of kategorieë waarbinne videotegnologie benut kan word: 'n stimulus-, selfkonfrontasie-, en onderrigformaat. Die sleutel tot suksesvolle benutting van videotegnologie lê vir hom daarin dat die kyker ook deelnemer aan die program sal wees. Die metode waarvolgens dit gedoen kan word, moet nog vir die maatskaplikewerk-praktyk gevind word.

'n Navorsingsprojek waardeur die optimale benutting van videotegnologie in maatskaplike werk bevorder kan word, word geregverdig deur: (1) die behoefte aan metodiek, soos aangetoon deur Katz (1975); (2) die feit dat navorsingsbevindings toenemend die geldigheid van videotegnieke as kragtige intervensie bewys (Heilveil 1983; Kotze 1986); en (3) die spesifieke koste-effektiewe voordele wat dit inhou (Wiegand 1985; Bohne 1986; Arwady & Gayeski 1989).

Die navorser het tevore in die praktyk ondervind dat videomateriaal in hulpverlening kreatief gebruik kan word. Tydens die evaluering van doelbereiking het kliënte dikwels die videomateriaal wat gebruik is, aangedui as die inset wat vir hulle die grootste waarde ingehou het. Die videomateriaal wat gebruik is, het egter vanuit 'n vakkundige oogpunt ten opsigte van doelgerigte inhoud veel te wense oorgelaat. In gesprekke met kollegas is hierdie behoefte bevestig en het dit geblyk dat videomateriaal dikwels onbeplan en terloops gebruik word. Hierdie praktykervaring het vir die navorser 'n uitdaging ingehou: om vas te stel hoe videotegnologie wetenskaplik en optimaal benut kan word om beplande verandering te bewerkstellig.

### **1.3 Doel van die navorsingsprojek**

Die navorsingsdoelstelling is om maatskaplikewerk-tegnologie te ontwikkel waardeur die optimale benutting van videotegnologie in hulpverlening bevorder kan word. Die volgende ontwikkelingsdoelwitte word onderskei:

- Te bepaal wat die behoefte aan videobenutting in die maatskaplikewerk-praktyk is.
- Die behoefte om te skakel met 'n programdoelstelling.
- Te bepaal of daar reeds in hierdie doelstelling voorsien word.
- Relevante teorieë te vind wat sal aantoon hoe die programdoelstelling bereik kan word.
- Aan te toon hoe doelbereiking gemeet kan word.
- Werkwyses en tegnologiese items, in ooreenstemming met teorieë wat geïdentifiseer is, te vind waardeur die programdoelstelling op 'n koste-effektiewe wyse bereik kan word.
- Geselekteerde werkswyses en inhoude in die vervaardiging van die program te benut.
- Formatiewe evaluering te doen om die werking van die tegnologie te verbeter.
- Summatiewe evaluering van die nuwe tegnologie uit te voer.

### **1.4 Navorsingsmodel**

Ontwikkelingsnavorsing is 'n benadering wat meestal in tegniese rigtings soos die ingenieurswese gebruik word maar ook toenemend in maatskaplikewerk-navorsing. Die doelstelling met hierdie navorsing is dus die ontwikkeling van nuwe tegnologie wat bruikbaar en koste-effektief is. Uitbouing van kennis mag moontlik deur die ontwikkeling, aanbieding en evaluering van die tegnologie plaasvind, maar is nie 'n doel op sigself nie.

#### **Ontwikkelingsnavorsingmodel**

Edwin Thomas (Grinnell 1981) en Jack Rothman (1980) is ten opsigte van maatskaplike werk baanbrekers op die terrein van ontwikkelingsnavorsing. Modelle vir die benutting van ontwikkelingsnavorsing is deur beide navorsers daargestel en word toenemend hier te lande gebruik, onder andere die Thomas-model deur Hattingh (1984), Faul (1988), en Buitendach (1990), en die Rothman-model deur Bredenkamp (1990). Die twee modelle, naamlik die Navorsing- en Ontwikkelings-


model van Rothman en die Ontwikkelingsnavorsing- en Benuttingsmodel van Thomas, is volledig bestudeer en geïntegreer om as navorsingmodel vir hierdie projek gebruik te word.

Met hierdie navorsingsprojek is 'n program-/hulpverleningsdoelstelling, naamlik die benutting van videotegnologie in maatskaplikewerk-hulpverlening, eerder as 'n maatskaplike probleemsituasie as vertrekpunt geneem. Die model van Rothman (1980:22) maak hiervoor voorsiening: "The model starts with a social goal or a social problem that is of interest to some group or organization concerned with social welfare or the delivery of human services."

In sowel die Rothman- as die Thomas-model word verskillende fases in die verloop van die proses onderskei. In die geïntegreerde model, wat skematies in Figuur 1.1 aangebied word, word drie opeenvolgende fases onderskei, naamlik: ontwikkeling, assessering en verspreiding. Elke fase behels spesifieke doelstellings wat bereik moet word. Om 'n doelstelling te kan bereik, is dit eers nodig dat opeenvolgende doelwitte bereik word. Vir doelwitbereiking word operasionele stappe wat gevolg moet word, aangegee.

Die eerste twee fases van die projek word volledig in hierdie verslag bespreek. Die laaste fase behels die daarstelling van 'n bemerkingstrategie en die uitvoering van 'n koste-analise. Besonderhede van die verspreidingsfase word nie in die verslag weergegee nie.

**FIGUUR 1.1 : GÛNTEGREERDE MODEL VIR ONTWIKKELINGSNAVORSING**



## **2. ONTWIKKELINGSFASE - DOELSTELLING 1: BEHOEFTE-BEPALING**

Die eerste doelstelling van die ontwikkelingsfase is om vas te stel of daar in die maatskaplikewerk-praktyk 'n behoefte aan die benutting van videotegnologie bestaan en, indien wel, wat die aard van die behoefte is. Die doelwitte wat bereik moet word ten einde hierdie doelstelling te verwesenlik, is (1) om behoeftes wat ten opsigte van videotegnologie bestaan, te identifiseer, (2) 'n programdoelstelling ten opsigte van die behoefte(s) wat geïdentifiseer is, te formuleer, en (3) te bepaal of daar met reeds bestaande tegnologie in hierdie behoefte voorsien word.

### **2.1 DOELWIT 1 - Identifisering van behoeftes**

Om te verseker dat nuwe tegnologie wat ontwikkel word, bruikbaar is en waarskynlik gebruik gaan word, is dit nodig om te bepaal of daar 'n behoefte ten opsigte van die tegnologie wat beoog word, bestaan. Daar is besluit om 'n opname-onderzoek te doen ten einde die behoeftes aan videotegnologie te identifiseer. Respondente se vlak van bewustheid kan egter hul response beïnvloed en wanneer 'n behoefte aangedui word, is dit nog geen waarborg dat 'n diens of 'n program wel gebruik sal word nie. (Vgl. Kettner *et al.* 1990:66-69; *Die Maatskaplikewerk-navorsing-praktisyn* 1988:31; Rossi & Freeman 1989:89-90.)

#### **2.1.1 Opname-onderzoek**

Die opname-onderzoek was eerstens daarop gerig om vas te stel hoe videotegnologie in die maatskaplikewerk-praktyk benut word en of praktisyns kennis dra van die moontlikhede wat videotegnologie bied; en tweedens, watter behoeftes daar vir toekomstige benutting bestaan. Hierdie twee doelstellings is in die volgende doelwitte vir die opname-onderzoek verdeel:

##### **Doelwitte van die opname-onderzoek**

Die doelwitte van die opname-onderzoek is om

- (1) vas te stel in watter mate video-toerusting, in vergelyking met ander hulpmiddels, binne vyf onderskeie areas van dienslewering benut word;
- (2) inligting te verkry oor die beskikbaarheid en benutting van video-programme in dienslewering;
- (3) vas te stel hoe video-aktiwiteite benut word, en of praktisyns kennis dra van die verskillende video-aktiwiteite wat gebruik kan word;
- (4) vas te stel of die resultate van videobenutting gemeet word;

- (5) behoeftes aan videotegnologie te bepaal;
- (6) die behoefte aan spesifieke dienste te bepaal;
- (7) vas te stel of enige probleme met die benutting van videotegnologie voorsien word; en
- (8) onderwerpe waarvoor videoprogramme benodig word, te verkry.

### **Voortoets**

Daar is besluit om 'n vraelys te gebruik om hierdie inligting in te samel. 'n Voortoets is gedoen deur die vraelys deur tien maatskaplike werkers by twee verskillende organisasies te laat invul. Die response is met hulle gekontroleer en bespreek. Die vraelys is daarna in Engels vertaal sodat 'n tweetalige vraelys aan respondente verskaf kon word.

### **Steekproeftrekking**

Aangesien dit onmoontlik was om alle instansies waar maatskaplike werk beoefen word, by die opname te betrek, is besluit om die nasionale rade en hulle geaffilieerde verenigings as navorsingspopulasie te definieer. Adresse van nasionale rade is van die Departement Gesondheidsdienste en Welsyn: Administrasie Volksraad verkry. Kontak is gemaak met skakelpersone by tien nasionale rade wat behulpsaam was met die verspreiding van vraelyste aan geaffilieerde verenigings.

Van 303 vraelyste wat versprei is, is ongeveer 'n derde (32 %) bruikbares terugontvang. Die resultate word in Tabel 2.1 aangetoon. Die persentasie respons wat van die verskillende nasionale rade en hulle geaffilieerde verenigings ontvang is, wissel van 6 % tot 63 %. Die nasionale rade wie se verenigings wel videotegnologie benut het, het 'n groter persentasie vraelyste teruggestuur as dié wie se geaffilieerde verenigings min - of glad nie - videotegnologie benut nie. Om gegewens wat verkry is sinvol te kon verwerk, is besluit om slegs nasionale rade ten opsigte van wie daar 'n respons van 32 % of meer ontvang is, by die steekproef in te sluit. So is ses van die aanvanklike tien nasionale rade ingesluit.

Tabel 2.1 toon (1) die totale respons, (2) die response van die nasionale rade en geaffilieerde verenigings wat as steekproef geselekteer is, en (3) die response van die verenigings wat nie geselekteer is nie.

**TABEL 2.1: RESPONS OP VRAELYSTE VAN NASIONALE RADE EN  
GEAFFILIEERDE VERENIGINGS**

**1. TOTALE RESPONS**

| Getal nasionale rade | Totale getal geaffilieerde verenigings | Response ontvang | %    |
|----------------------|--|------------------|------|
| 10                   | 303                                    | 95               | 31,3 |

**2. RESPONS VAN STEEKPROEF**

| Nasionale raad | Getal geaffilieerde verenigings | Response ontvang per nasionale raad | % response per nasionale raad |
|----------------|---------------------------------|-------------------------------------|-------------------------------|
| No. 1          | 93                              | 41                                  | 44,1                          |
| No. 2          | 24                              | 15                                  | 62,5                          |
| No. 3          | 24                              | 11                                  | 45,8                          |
| No. 4          | 16                              | 7                                   | 43,7                          |
| No. 5          | 25                              | 8                                   | 32,0                          |
| No. 6          | 15                              | 6                                   | 40,0                          |
| <b>TOTAAL</b>  | <b>197</b>                      | <b>88</b>                           | <b>44,6</b>                   |

**3. RESPONS VAN ANDER NASIONALE RADE**

| Nasionale raad | Getal geaffilieerde verenigings | Response ontvang per nasionale raad | % response per nasionale raad |
|----------------|---------------------------------|-------------------------------------|-------------------------------|
| No. 7          | 7                               | 2                                   | 28,5                          |
| No. 8          | 60                              | 2                                   | 3,3                           |
| No. 9          | 7                               | 1                                   | 14,3                          |
| No. 10         | 32                              | 2                                   | 6,2                           |
| <b>TOTAAL</b>  | <b>106</b>                      | <b>7</b>                            | <b>6,6</b>                    |

**Data-ontleding**

Resultate van die data-ontleding word ten opsigte van die verskillende opname-doelwitte aangebied.

- (1) **Benutting van videotegnologie in vergelyking met ander oudiovisuele hulpmiddels (opname-doelwit 1)**

Respondente moes op 'n skaal van 1-5 aantoon hoe gereeld die audiobandopnemer, skyfieprojektor, filmprojektor, oorhoofse projektor, televisie-

**TABEL 2.2a:**  
**BENUTTING VAN AUDIOVISUELE HULPMIDDELS IN AL VYF AREAS VAN DIENSLEWERING**

| AUDIOVISUELE HULPMIDDELS         |           | BENUTTING VAN AUDIOVISUELE HULPMIDDELS IN AL VYF AREAS VAN DIENSLEWERING |                 |          |                       |          |                      |          |                    |           |                         |           |                    |           |                   |          |                  |   |
|----------------------------------|-----------|--|-----------------|----------|-----------------------|----------|----------------------|----------|--------------------|-----------|-------------------------|-----------|--------------------|-----------|-------------------|----------|------------------|---|
|                                  |           | Getal ver-<br>enigings   | Totale<br>punte | N        | Oudiodand-<br>opnemer |          | Skyfie-<br>projektor |          | Film-<br>projektor |           | Oorhoofse-<br>projektor |           | Televisie-<br>stel |           | Video-<br>masjien |          | Video-<br>kamera |   |
| NASIONALE<br>RAAD                |           |  |                 |          | Telling               | %        | Telling              | %        | Telling            | %         | Telling                 | %         | Telling            | %         | Telling           | %        | Telling          | % |
| Nommer 1                         | 41        | 25   | 1025            | 7        | 71                    | 5        | 37                   | 4        | 80                 | 8         | 64                      | 6         | 58                 | 6         | 17                | 2        |                  |   |
| Nommer 2                         | 15        | 25   | 375             | 6        | 21                    | 11       | 32                   | 9        | 107                | 29        | 146                     | 40        | 134                | 36        | 0                 | 0        |                  |   |
| Nommer 3                         | 11        | 25   | 275             | 10       | 28                    | 1        | 5                    | 1        | 35                 | 13        | 25                      | 9         | 17                 | 6         | 10                | 4        |                  |   |
| Nommer 4                         | 7         | 25   | 175             | 11       | 19                    | 13       | 8                    | 5        | 39                 | 22        | 24                      | 14        | 9                  | 5         | 0                 | 0        |                  |   |
| Nommer 5                         | 8         | 25   | 200             | 0        | 0                     | 3        | 3                    | 2        | 3                  | 2         | 4                       | 2         | 2                  | 1         | 0                 | 0        |                  |   |
| Nommer 6                         | 6         | 25   | 150             | 0        | 0                     | 7        | 0                    | 0        | 19                 | 13        | 6                       | 4         | 5                  | 3         | 0                 | 0        |                  |   |
| <b>NAS. RADE<br/>GESAMENTLIK</b> | <b>88</b> | <b>25</b>  | <b>2200</b>     | <b>6</b> | <b>139</b>            | <b>5</b> | <b>85</b>            | <b>4</b> | <b>283</b>         | <b>13</b> | <b>269</b>              | <b>12</b> | <b>225</b>         | <b>10</b> | <b>27</b>         | <b>1</b> |                  |   |



stel, videomasjien en videokamera benut word, in die vyf verskillende areas van dienslewering, naamlik bekendstelling van dienste, opleiding, voorkomende werk, opvoedkundige werk en terapie. In Tabel 2.2a word die benutting van die verskillende hulpmiddels ten opsigte van elke nasionale raad afsonderlik, asook almal gesamentlik aangetoon.

Indien 'n vereniging 'n hulpmiddel in elkeen van die vyf areas ten volle benut het, is die totale telling 25 en die benuttingskoers 100 %. Tabel 2.2a toon egter dat oudiovisuele hulpmiddels nie gereeld by die dienslewering van die nasionale rade en geaffilieerde verenigings gebruik word nie. Byvoorbeeld, die totale telling van die 15 verenigings van nasionale raad No.2 is ten opsigte van die televisiestel 146 uit 'n moontlike 375 punte, wat 'n benuttingskoers van 40 % aandui. 'n Lae gebruikskoers by ander rade het egter die koers vir die rade gesamentlik heelwat verminder. So word die oorhoofse projektor met 'n telling van 283 (13 %), die televisiestel met 269 (12 %) en die videomasjien met 225 (10 %) die meeste deur al die respondente gesamentlik gebruik. Die gesamentlike benuttingskoers van videotegnologie is dus volgens hierdie opname 10 %.

Die gesamentlike benutting van oudiovisuele hulpmiddels deur die nasionale rade, ten opsigte van die verskillende areas van dienslewering afsonderlik, word in Tabel 2.2b aangetoon.

Tabel 2.2b toon dat oudiovisuele hulpmiddels die meeste in opvoedkundige werk gebruik word, daarna in voorkomende werk en terapie. Die oorhoofse projektor word die meeste in opvoedkundige werk gebruik en die televisie en videomasjien die meeste in terapie.

## **(2) Die beskikbaarheid en benutting van video programme (opname-doelwit 2)**

Respondente moes aantoon of hulle van video programme in dienslewering gebruik maak. Al die verenigings behalwe een het aangetoon dat hulle wel video programme benut.

**TABEL 2.2b:**  
**BENUTTING VAN AUDIOVISUELE HULPMIDDELS TEN OPSIGTE**  
**VAN DIE VERSKILLENDE AREAS VAN DIENSLEWERING AFSONDERLIK**

| AUDIOVISUELE HULPMIDDELS |                    | Totale punte | N  | Oudiband-opnemer |    | Skyfieprojektor |    | Filmprojektor |    | Oorhoofseprojektor |    | Televisie-stel |    | Video-masjien |   | Video-kamera |   |
|--------------------------|--------------------|--------------|----|------------------|----|-----------------|----|---------------|----|--------------------|----|----------------|----|---------------|---|--------------|---|
| AREA VAN DIENSLEWERING   | Getal ver-enigings |              |    | Telling          | %  | Telling         | %  | Telling       | %  | Telling            | %  | Telling        | %  | Telling       | % | Telling      | % |
| Bekendstelling           | 88                 | 5            | 12 | 3                | 22 | 5               | 10 | 2             | 43 | 10                 | 28 | 7              | 21 | 5             | 4 | 0            |   |
| Opleiding                | 88                 | 5            | 46 | 10               | 17 | 4               | 18 | 4             | 68 | 15                 | 57 | 13             | 50 | 11            | 5 | 1            |   |
| Voor komend              | 88                 | 5            | 19 | 4                | 32 | 7               | 22 | 5             | 63 | 14                 | 56 | 13             | 44 | 10            | 4 | 0            |   |
| Opvoedkundige werk       | 88                 | 5            | 22 | 5                | 37 | 8               | 24 | 5             | 79 | 18                 | 68 | 15             | 58 | 13            | 8 | 2            |   |
| Terapie                  | 88                 | 5            | 40 | 9                | 11 | 3               | 11 | 3             | 26 | 6                  | 61 | 14             | 52 | 12            | 6 | 1            |   |

**(3) Die benutting van spesifieke video-aktiwiteite in dienslewering (opname-doelwit 3)**

Respondente moes op 'n skaal van 1-5 aantoon hoe gereeld die volgende video-aktiwiteite in verskillende areas van dienslewering benut word: videoterugvoering, videoselfkonfrontasie, responsstimulering, videosimulering, videodokumentering, video in sosiodramas, en interaktiewe video. Uit die respons op hierdie vraag het dit geblyk dat dié spesifieke video-aktiwiteite nie noemenswaardig benut word nie, of in elk geval nie bewustelik of doelgerig nie.

**(4) Die benutting van meetinstrumente en/of metingsprosedures om die resultate van video-aktiwiteite te meet (opname-doelwit 4)**

Slegs agt (9 %) van die respondente het aangetoon dat hulle wel van meetinstrumente en metingsprosedures gebruik maak, naamlik van evalueringsvraelyste en groepbesprekings.

**(5) Spesifieke behoeftes aan videotegnologie (opname-doelwit 5)**

Die respondente moes op 'n skaal van 1-4 aantoon in watter mate hulle 'n behoefte ten opsigte van die volgende ervaar: toerusting, videoprogramme, Afrikaanse videoprogramme, kundigheid, en vaardigheid. Die response van die respondente word in Tabel 2.3 aangetoon.

**TABEL 2.3: BEHOEFTE TEN OPSIGTE VAN VIDEOTEKNOLOGIE**

|                      | Getal verenigings | Totale punte | N   | Telling | %  |
|----------------------|-------------------|--------------|-----|---------|----|
| Toerusting           | 88                | 4            | 352 | 281     | 80 |
| Programme            | 88                | 4            | 352 | 321     | 91 |
| Afrikaanse programme | 88                | 4            | 352 | 275     | 78 |
| Kundigheid           | 88                | 4            | 352 | 288     | 82 |
| Vaardighede          | 88                | 4            | 352 | 287     | 82 |

Die behoefte aan videoprogramme is as die grootste aangetoon, naamlik 91 %, daarna kundigheid 82 % en vaardighede 82 %.

**(6) Die maontlike benutting van spesifieke dienste (opname-doelwit 6)**

Respondente moes aantoon in watter mate hulle die dienste (soos aangetoon in Tabel 2.4) sou kon benut indien dit beskikbaar is.

**TABEL 2.4: MOONTLIKE TOEKOMSTIGE BENUTTING VAN VIDEOTEKNOLOGIE**

|                        | Getal verenigings | Totale punte | N   | Telling | %  |
|------------------------|-------------------|--------------|-----|---------|----|
| Indeks - programme     | 88                | 4            | 352 | 294     | 84 |
| Leendiens - programme  | 88                | 4            | 352 | 298     | 85 |
| Huurdiens - toerusting | 88                | 4            | 352 | 221     | 63 |
| Opleiding              | 88                | 4            | 352 | 260     | 74 |
| Navorsing              | 88                | 4            | 352 | 247     | 70 |
| T.V.-uitsaaityd        | 88                | 4            | 352 | 224     | 64 |

Bevindings toon dat 'n interleendiens van videoprogramme (85 %) en 'n indeks van beskikbare videoprogramme (84 %) in 'n behoefte sal voorsien.

**(7) Probleme wat voorsien word in die benutting van videotegnologie (opname-doelwit 7)**

'n Gebrek aan die nodige toerusting en fondse om die toerusting te bekom, word as die grootste probleem voorsien. Dit sal dus nodig wees om in 'n bemarkingstrategie aandag te gee aan hulpbronne wat benut kan word om fondse te verkry vir die aankoop van toerusting en programme.

**(8) Onderwerpe waarvoor videoprogramme benodig word (opname-doelwit 8)**

In Tabel 2.5 word die onderwerpe waarvoor daar 'n belangstelling is, aangetoon, asook die aantal verenigings wat in die bepaalde onderwerp belangstel.

**TABEL 2.5: ONDERWERPE VIR VIDEOPROGRAMME**

| Onderwerp                                  | Getal     | %            |
|--|-----------|--------------|
| Alkohol en dwelmafhanglikheid              | 8         | 23,5         |
| Streshantering                             | 3         | 8,8          |
| Bevordering van maatskaplike funksionering | 9         | 26,5         |
| Hantering van egskeding en ouerleiding     | 3         | 8,8          |
| Huweliksvoorligting                        | 3         | 8,8          |
| Kindermishandeling en molestering          | 4         | 11,8         |
| Aanneming en pleegsorg                     | 4         | 11,8         |
| <b>TOTAAL</b>                              | <b>34</b> | <b>100.0</b> |

Die grootste behoefte wat aangetoon is, bestaan ten opsigte van videoprogramme vir die bevordering van maatskaplike funksionering. Die volgende groot behoefte is videoprogramme ten opsigte van alkohol- en dwelmafhanglikheid.

## **2.2 DOELWIT 2 - Formulerings van 'n programdoelstelling**

Om 'n programdoelstelling te kon formuleer, is daar eers na die bevindings van die opname-ondersoek gekyk.

### **2.2.1 Bevindings van die opname-ondersoek**

- (1) Die opname-ondersoek het aangetoon dat hoewel maatskaplike werkers bewus is van die moontlikhede wat videotegnologie vir die bevordering van hulpverlening bied, hierdie moontlikhede nie benut word nie. Die benuttingskoers vir videotegnologie was tydens hierdie opname slegs 10 % (kyk Tabel 2.2a vir benutting van die videomasjien). Oudiovisuele hulpmiddels word die meeste ten opsigte van opvoedkundige werk gebruik en videotegnologie die meeste vir terapeutiese doelwitte.

Die nasionale raad wat die meeste van videotegnologie gebruik maak, het 'n benuttingskoers van 36 % (kyk Tabel 2.2a - Nommer 2: Videomasjien). Hierdie is die SA Nasionale Raad insake Alkoholisme en Afhanglikheid van Verdowingsmiddels.

- (2) Bykans al die verenigings van die steekproef (kyk opname-doelwit 2) het aangetoon dat hulle al reeds van videoprogramme gebruik gemaak het. Hierdie benutting het egter vir die meeste van die respondente slegs by enkele geleenthede plaasgevind.
- (3) Spesifieke video-aktiwiteite of -tegnieke word nie bewustelik deur die respondente gebruik nie.
- (4) Slegs 'n geringe aantal van die respondente (sien opname-doelwit 4) het aangetoon dat hulle meetinstrumente of metingsprosedures gebruik om die resultaat van videobenutting te meet.
- (5) In teenstelling met die lae benuttingskoers van videotegnologie is die behoeftes wat ten opsigte daarvan aangetoon is besonder hoog, veral dié aan videoprogramme, naamlik 91 %, en dié aan kundigheid en vaardighede, naamlik 82 % (kyk Tabel 2.3).

- (6) 'n Interleendiens van videoprogramme (85 %) en 'n indeks van beskikbare programme (84 %) sal ook in 'n behoefte ten opsigte van videotegnologie kan voorsien (kyk Tabel 2.4). In vergelyking met ander behoeftes wat aangetoon is, blyk dit dat 'n groot aantal van die respondente eerder daarin sou belangstel om hulle eie toerusting te besit as om toerusting te huur.
- (7) Die meeste probleme wat voorsien word, is dan ook 'n gebrek aan die nodige toerusting en fondse om toerusting aan te koop.
- (8) Die bevordering van maatskaplike funksionering is as die onderwerp aangetoon ten opsigte waarvan die grootste behoefte vir videoprogramme bestaan (kyk Tabel 2.5).

### **2.2.2 Omskakeling van behoefte na programdoelstelling**

Aangesien videoprogramme reeds in 'n mate deur die respondente gebruik word, sal dit sinvol wees om 'n videoprogram(me) te produseer eerder as om tegnologie ten opsigte van ander aktiwiteite, wat heeltemal vreemd is, te ontwikkel. Daar is dus besluit om die produksie van videoprogramme wat in maatskaplike hulpverlening benut kan word, as ontwikkelingsdoelstelling te kies. Die bevordering van maatskaplike funksionering is as onderwerp vir die videoprogram(me), met ander woorde as programdoelstelling, gekies aangesien dit (1) as die grootste behoefte ten opsigte van programonderwerpe aangetoon is; en (2) dit 'n primêre doelstelling van die meeste maatskaplike hulpverleningsprogramme is (vgl. Van Zyl 1986; Hepworth & Larsen 1986) en dus ook deur ander maatskaplikewerkinstansies, wat nie by die opname-ondersoek betrek is nie, benut sal kan word.

Deur 'n program te ontwikkel wat in 'n spesifieke praktykbehoefte voorsien, word die optimale benuttingsmoontlikheid daarvan verhoog (vgl. Rogers 1983). Die ontwikkeling en evaluering daarvan sal ook riglyne vir die ontwikkeling van soortgelyke programme daarstel. Die nuwe tegnologie wat ontwikkel word, behels dus 'n videoprogram(me) vir die bevordering van maatskaplike funksionering, asook riglyne vir die ontwikkeling en evaluering van sulke programme. Die optimale benutting van videotegnologie in maatskaplike hulpverlening, wat as navorsingsdoelstelling gekies is, word sodoende bereik.

## **2.3 DOELWIT 3 - Stand van bestaande videotegnologie**

Die strategie ten einde hierdie doelwit te bereik, is om bestaande tegnologie wat moontlik in die ontwikkelings- en programdoelstelling kan voorsien, te beoordeel. Thomas (1981:597) beskou hierdie doelwit as essensieel "... because it can identify the precise strengths and limitations of existing social technology. Without thorough, critical review of the state of the art, directions for the development of new technology cannot be intelligently charted."

### **2.3.1 Onderzoek**

In die ondersoek oor die stand van videotegnologie is die fokus geplaas op die vervaardiging van videoprogramme asook die beskikbaarheid van videoprogramme wat gebruik kan word om maatskaplike funksionering te bevorder. 'n Literatuurstudie is gedoen; verskillende produksiehuise is besoek; instansies wat videoprogramme versprei en uithuur, is besoek; en kursusse oor die vervaardiging van videoprogramme is bygewoon. Die navorser het ook 'n maatskaplike vaardighedsprogram, waar daar wel in 'n mate van bestaande videoprogramme gebruik gemaak word, as waarnemer bygewoon.

### **2.3.2 Bevinding**

Met die ondersoek na die stand van videoprogramme is bevind dat daar geen videomateriaal is wat die bevordering van maatskaplike funksionering ten doel het nie; en dat daar veral 'n behoefte aan programme bestaan wat in maatskaplike opvoedkundige werk benut kan word. Ten opsigte van videoproduksie is bevind dat die vakkundige beslis 'n spesifieke taak in die vervaardiging van sulke programme het.

## **2.4 Samevatting**

Die behoeftebepalingsdoelstelling is voltooi met (1) die identifisering van spesifieke behoeftes ten opsigte van videotegnologie; (2) die omskakeling van hierdie behoeftes in 'n ontwikkelings- en programdoelstelling, naamlik die vervaardiging van 'n videoprogram(me) met die bevordering van maatskaplike funksionering as programdoelstelling; en (3) vasstelling van die stand van die tegnologie ten opsigte van genoemde doelstellings.

Met die opname-ondersoek en die ondersoek na die stand van die tegnologie, is waardevolle inligting en riglyne verkry wat in die ontwikkeling van die tegnologie aangewend sal word. In die volgende afdeling word aangetoon hoe te werk gegaan is om tegnologiese doelwitte en tegnologiese items te selekteer en hoe 'n uitvoerbaarheidstudie ten opsigte daarvan gedoen is.

### **3. ONTWIKKELINGSFASE - DOELSTELLING 2: EKSPLORERING**

Die tweede doelstelling van die ontwikkelingsfase is om ondersoek in te stel na werkwyses en gegewens wat in die videoprogramme ingesluit kan word ten einde die programdoelstelling, naamlik die bevordering van maatskaplike funksionering, te verwesenlik. Die doelwitte wat bereik moet word, is (1) die eksplorering en voorlopige selektering van potensiele tegnologiese items; en (2) 'n uitvoerbaarheidstudie ten opsigte daarvan.

#### **3.1 DOELWIT 1 - Eksplorering en voorlopige selektering van tegnologiese items**

Om tegnologiese items, met behulp waarvan die programdoelwitte op die koste-effektiefste wyse bereik kan word, te eksplorieer en te selekteer is dit nodig om moontlike inligtingsbronne en 'n spesifieke siftingsprosedure te identifiseer.

##### **3.1.1 Identifiseer inligtingsbronne**

Ontwikkelyngsnavorsing benut alle moontlike hulpbronne en toepaslike data in die selektering van tegnologiese items. Thomas (1981:597-599) identifiseer agt bronne wat as vernaamste bronne van basiese inligting gesien word, naamlik:

- (1) *Basiese navorsing.* Dit sluit hoofsaaklik navorsingsbevindings van die maatskaplike en gedragswetenskappe in, maar ook geselekteerde bevindings van ander wetenskappe soos die natuurwetenskap.
- (2) *Toegepaste navorsing.* Hier word byvoorbeeld navorsing oor toegepaste gedragsanalise en kognitiewe terapie ingesluit.
- (3) *Eiesoortige navorsing.* Hierdie is navorsing wat spesifiek ten opsigte van maatskaplikewerk-praktyk gedoen word.
- (4) *Verwante tegnologie.* Daar word byvoorbeeld gekyk hoe modellering as tegnologie in spesifieke hulpverleningsprogramme aangewend word.
- (5) *Regskundige beleid.* 'n Voorbeeld is riglyne vir statutêre werk wat as prosedures opgestel word of voorsiening wat gemaak word vir kopiereg met die gebruik van videoprogramme.
- (6) *Maatskaplike innovasie.* Die benutting van selfhelpgroepe om maatskaplike vraagstukke te hanteer, is 'n voorbeeld hiervan.
- (7) *Wetenskaplike tegnologie.* 'n Voorbeeld is die benutting van videotegnologie soos interaktiewe videoprogramme.
- (8) *Praktykervaring.* Dit is die benutting van prosedures wat vanuit die praktyk ontwikkel is.

Die eerste drie is die belangrikste bronne vir die ontwikkeling van maatskaplike-werk-tegnologie, maar met hierdie projek is al agt bogenoemde inligtingsbronne gebruik.



### **3.1.2 Siftingsprosedure**

Twee uitgangspunte word as siftingsprosedure gebruik vir die selektering van tegnologiese items, naamlik die bevordering van maatskaplike funksionering wat as doelstelling vir die videoprogramme geselekteer is, en die opvoedkundige dimensie van maatskaplike werk wat as werkwyse gekies is.

#### **Bevordering van maatskaplike funksionering**

Die bevordering van maatskaplike funksionering word algemeen in maatskaplike werk erken as 'n primêre doelstelling van die professie. Na 'n omvattende literatuurstudie kom Van Zyl (1986:19) tot die slotsom: "The social worker needs to be grounded in social functioning in order to clarify his role and tasks as he becomes involved in the variety of helping processes normal to his/her professional life."

Vir optimale maatskaplike funksionering moet die kliënt leer om positief te lewe; om lewensatisfaksie, wat die lewe die moeite werd maak, te ervaar; en om frustrasies wat ervaar word, in positiewe en motiverende kragte om te skakel (Heimler 1975:1). Dit is volgens Hepworth en Larsen (1986:14) moontlik om maatskaplike funksionering te bevorder indien daar voorsien word in die basiese behoeftes van mense. Die skrywers spesifiseer hierdie behoeftes en identifiseer die ligging van hulpbronne vir die voorsiening daarvan. In Figuur 3.1 word die behoeftes en verwante hulpbronne aangetoon.

Die programdoelstelling, naamlik om deelnemers se maatskaplike funksionering te bevorder, kan bereik word indien daar in hierdie behoeftes van kliënte voorsien word; verder sal hulle in staat wees om self in die behoeftes te voorsien, deur genoemde hulpbronne te benut, wanneer hul maatskaplike funksionering na die gewenste vlak verhoog is (vgl. Siporin 1975:14).

**FIGUUR 3.1: MENSLIKE BEHOEFTE EN LIGGING VAN VERWANTE HULPBRONNE**

| Menslike behoeftes   | Ligging van hulpbronne   |
|--|--|
| <p>1. Positiewe selfkonsep:<br/>                     Identiteit<br/>                     Selfagting<br/>                     Selfvertroue</p>  | <p>* Godsdienstige oortuigings<br/>                     * Lewensreëls<br/>                     Versorging, aanvaarding, liefde en positiewe terugvoering van belangrike ander persone (ouers, familie, onderwysers, en portuurgroep)</p> |
| <p>2. Emosioneel:<br/>                     Om te behoort en waardeer te word<br/>                     Kameraadskap</p>   | <p>Ouers, eggenoot, gesinslede, vriende, kulturele verwysingsgroepe, maatskaplike netwerke<br/>                     * Maatskaplike vaardighede</p>   |
| <p>3. Persoonlike vervulling:<br/>                     Studie<br/>                     Ontspanning<br/>                     Geloof<br/>                     Prestasie<br/>                     Estetiese bevrediging</p> | <p>Opvoedkundig, werk, kerke, klubs, maatskaplike instellings, sport, ontspanning, stokperdjies<br/>                     * Doelstelling en doelbeplanning</p>  |
| <p>4. Fisiese behoeftes:<br/>                     Lewensmiddele<br/>                     Gesondheid<br/>                     Sekuriteit<br/>                     Beskerming</p>  | <p>Ekonomie, wetgewing, gesondheidsinstellings, welsynsorganisasies, wetstoepassingsinstellings, rampnoodleniging<br/>                     Inligting<br/>                     * Eie insette - doelbereiking</p>                          |

**Opvoedkundige dimensie van maatskaplike werk**

Die opvoedkundige of onderrigdimensie in maatskaplike werk word toenemend beklemtoon (vgl. Van der Merwe 1988; Gambrill 1983:2; Heimler 1975:2). Dit sluit die volgende belangrike konsekwensies in:

- Die kliënt is verantwoordelik vir sy eie lewe, maar moet sekere lewensvaardighede bemeester voordat hierdie verantwoordelikheid aanvaar kan word.
- Die hulpverlener vervul die rol van fasiliteerder van beskikbare tegnieke en is nie die manipuleerder van die proses nie.
- Hierdie opvoedkundige dimensie van hulpverlening maak intervensie moontlik in voorkomende sowel as terapeutiese werk en kan ten opsigte van individue, groepe en gemeenskappe onderneem word.
- Die kliënt tree op as sy "eie terapeut" en die bewerker van verandering. (Vgl. Langley 1983.)

## **Die bevoegdheidgebaseerde praktykbenadering**

Die bevoegdheidgebaseerde praktykbenadering van Gambrill (1983) sluit beide voorafgaande uitgangspunte in en bied 'n raamwerk wat as siftingsprosedure by die selektering van tegnologiese items gebruik kan word.

Eienskappe van die bevoegdheidgebaseerde benadering, wat as riglyne in die siftingsproses gebruik kan word, word kortliks bespreek.

- (1) Die onderrigdimensie van maatskaplike werk word beklemtoon.
- (2) Doelstellings wat vir die kliënt self belangrik is, moet nagestreef word.
- (3) Veralgemening en bestendigheid van verandering word nagestreef. Programinhoud moet so aangebied word dat kennis en vaardighede wat in die meeste maatskaplike situasies bekom word, gebruik kan word. Die leerder moet ook in staat gestel word om dit te kan toepas.
- (4) Die interafhanklikheid tussen die maatskaplike werker en die kliënt word erken. Dienste word gelewer binne transaksies wat plaasvind tussen die maatskaplike werker, die kliënt, belangrike ander persone, en ander professionele persone. Die kliënt moet toegerus word om die interaksie of skakeling tussen homself en hierdie ander persone bevredigend te hanteer.
- (5) Die bevoegdheidgebaseerde benadering is konstruksioneel. Dit bring mee dat persoonlike bekwaamhede en omgewingshulpbronne gebruik word om doelstellings te bereik. Deelnemers moet leer om hulle eie potensiaal sowel as eksterne hulpbronne te benut.
- (6) 'n Voorkeur vir observasie en sistematiese eksplorاسie word gestel eerder as om ongegronde gevolgtrekkings te maak. Voortdurende assessering is nodig en terugvoering oor vordering moet aan kliënte gegee word.

### **3.1.3 Potensiële tegnologiese items**

Die tegnologiese items wat volgens bogenoemde siftingsprosedure en riglyne as inhoud en werkwyse van die programreeks geselekteer is, is onder andere kognitiewe herstruktureringstegnieke, doelstellingsteorie en interaktiewe deelname. Hierdie tegnologiese items word vervolgens bespreek.

#### **■ Kognitiewe herstruktureringstegnieke**

Hierdie tegnieke is deel van kognitiewe gedragsterapieë wat teoreties gefundeer word vanuit die kognitiewe sielkunde, informasiewerkingsteorieë en maatskaplike sielkunde. Belangrike bydraes tot kognitiewe terapie is onder andere gemaak deur Ellis (1962) (ten opsigte van rasioneel-emosiewe terapie), Mahoney (1974), Beck (1976), Meichenbaum (1977) en Lantz (1978) (vgl. Hepworth & Larsen 1986:403).

Die basiese uitgangspunt van kognitiewe teorieë is dat wanopvattinge wat mense ten opsigte van hulself, ander mense en verskillende lewensituasies het, die oorsaak is vir swak maatskaplike funksionering en die meeste gedragsafwykings. Volgens Hepworth en Larsen (1986:403; vgl. ook Bredenkamp 1990) is daar reeds bewys dat kognitiewe herstruktureringstegnieke effektief gebruik kan word om kliënte te help met probleme wat verband hou met swak selfagting; versteurde persepsies in interpersoonlike verhoudings; onrealistiese verwagtinge ten opsigte van die self, ander en lewensituasies; irrasionele vrese, angs en depressie; onbeheerbare woede en ander emosies, en 'n gebrek aan konstruktiewe selfhandhawing.

Kognitiewe herstrukturering word dikwels met ander intervensies gekombineer soos onder andere modellering, gedragsmodifikasie en taakgesentreerde aksie. Arkowitz en Hannah (1989:150) wys daarop dat 'n verskeidenheid gedrag en kognitiewe tegnieke benut kan word om verandering te bewerk. "Therapists frequently design specific and structured learning experiences to teach patients to identify and monitor dysfunctional thoughts, recognize the connections between thoughts, moods and behavior, examine the evidence supporting erroneous beliefs, and substitute more realistic interpretations of their experience."

Spesifieke kognitiewe herstruktureringstegnieke, wat aangewend kan word om maatskaplike funksionering te bevorder, is geselekteer en aangepas. Hierdie tegnieke word vervolgens kortliks bespreek.

### **Selfspraak of selfinstruksies**

Selfspraak of selfinstruksies word meestal gebruik om wanopvattinge wat funksionering belemmer, te verander. Om 'n spesifieke denkpatroon te volg, gebeur outomaties en vorm later 'n gewoonte sonder dat 'n persoon daarvan bewus is. Onproduktiewe denkpatrone kan deur positiewe selfspraak gewysig word. Dit is eerstens nodig om bewus te word van gedagtes wat voor, tydens en na 'n situasie aan die self gesê word. Daarna word selfinstruksies geformuleer waardeur die eie denke bewustelik positief gerig word. Op dieselfde manier kan nuwe vaardighede aangeleer word. Meichenbaum (1977:46) beveel aan dat modellering gebruik word om aan die kliënt te toon hoe selfinstruksies kan help om nuwe vaardighede te bemeester. In die modellering van selfinstruksies behoort die volgende komponente ingesluit te word:

- Die doelstelling wat die persoon wil bereik
- Planne wat gemaak word ten einde die doelstelling te bereik

- Selfinstruksies en aandagspitsing in die voltooiing van die taak
- Selfversterking as aanmoediging om deur te druk en suksesse te erken.

(Vgl. Meichenbaum 1977; Hepworth & Larsen 1986; Merluzzi & Boltwood 1989.)

### **Kognitiewe takseringsterapie (CAT)**

Wessler en Hankin-Wessler (1986) het kognitiewe takseringsterapie as intervensie ontwikkel deur praktykervaring van kognitiewe terapie en rasioneel- emotiewe terapie. Die sentrale teoretiese konsep van takseringsterapie is dat 'n mens volgens interne reëls lewe. Die skrywers noem dit persoonlike lewensreëls (Personal Rules of Living, PRLs): "The person uses a kind of mental rule book to guide his actions and evaluate himself and others. He applies the rules in judging whether his own behaviour or that of others is 'right' or 'wrong' ... We use rules not only as a guide for conduct but also to provide a framework for understanding life situations" (Wessler & Hankin-Wessler 1986:198-199).

In kognitiewe takseringsterapie word die kliënt gehelp om persoonlike lewensreëls te identifiseer en waar nodig te wysig sodat hierdie reëls werkbaar is en die gewenste uitkomst vir die persoon verseker. Veral persoonlike lewensreëls wat ten opsigte van eie selfagting gemaak word, is belangrik.

### **Perseptuele verskuiwingstegnieke**

Perseptuele verskuiwingsteorie word deur McMullin (1986:73) as bron vir die mees innovatiewe kognitiewe herstruktureringstegnieke beskou. Die bevoegdheid van hierdie tegnieke om verlangde verandering te bewerk, is bewys en hulle word suksesvol aangewend om die kliënt se onproduktiewe realiteit te vervang deur 'n positiewe en funksionele realiteit.

Volgens McMullin (1986:75-76) reflekteer perseptuele verskuiwingstegnieke sekere algemene aannames wat onder andere die volgende insluit:

- Die brein oorweeg sintuiglike en verworwe data op 'n selektiewe manier.
- Die brein orden data in denkpatrone. 'n Aantal denkpatrone vorm 'n gestalt of skema.
- Die brein is in staat om 'n oneindige aantal denkpatrone te vorm, maar gebruik slegs 'n paar persoonlike skemas.
- Skemas wat gevorm word, is geneig om behoue te bly tensy dit weer afgeleer word.

- Hoe meer so 'n patroon herhaal word; hoe sterker word dit en hoe moeiliker is dit om verplaas of uitgewis te word.
- Skemas ontwikkel gewoonlik nie op 'n logiese wyse nie, maar meestal deur 'n emosioneel-eksperimentele leerproses.
- Die vinnigste en omvattendste metode om negatiewe emosies en onproduktiewe gedrag te verander, is om die denkpatrone wat die oorsprong daarvan is, te verander.

Ten opsigte van perseptuele verskuiwingstegnieke is transponering en visualisering gekies as tegnieke wat met verskillende variasies gebruik kan word om denke produktief te rig. Vervolgens word hierdie twee tegnieke kortliks bespreek.

- **Transponering.** Hierdie tegniek word gebruik om aan die kliënt te illustreer hoe die brein dieselfde inligting in verskillende patrone kan orden en hoe daar te werk gegaan moet word om vanaf negatiewe na positiewe patrone te verskuif. Die tegniek behels dat tekeninge met versteekte figure of omkeerbare tekeninge (byvoorbeeld die tekening van die jong vrou en die ou vrou van W.E. Hill *in* McMullin 1986:94) aan die kliënt gewys word om aan te toon hoe denkpatrone en opvattinge onakkuraat en onvolledig kan wees.

Hierdie tegniek sluit aan by die siening van Heimler dat mense gehelp moet word om hulle situasie anders te sien. In dié verband merk hy op: "It is not possible to cure or remove all the difficulties a person encounters at any given moment, but they can often be put in a more favourable light and be seen for what they are - not insuperable or impossible but just problems than can be dealt with. I do not offer a cure, but rather suggest that much suffering can be alleviated, and many unhappy people helped out of a dilemma so that they can again function in society, if they can only be made to integrate all their experiences and use them for their own benefit." (1975:4)

- **Visualisering.** Dit behels dat 'n persoon sy denke op 'n denkbeeldige skerm projekteer. Hierdie verbeelding van eie denke het waarde indien dit so volledig en kleurryk as moontlik geprojekteer word. Visualisering kan volgens Weishaar en Beck produktief gebruik word in doelrepetering: "Rehearsing a desired behaviour in one's mind, problem solving in advance, and practising positive self-instructions are likely to increase one's sense of self-efficacy." (1986:80)

## ▪ **Doelstellingteorie (goal setting theory)**

Doelstellingteorie het vanuit die akademiese en die sakewêreld ontwikkel. Die vroegste empiriese studies met doelstelling as onafhanklike veranderlike is in 1935 deur Mace gedoen (Locke & Latham 1990:13). In die sakewêreld het doelwitbestuur (MBO - Management by Objectives) ontwikkel na aanleiding van Frederick W. Taylor se boek "Principles of Scientific Management" in 1911 (Locke & Latham 1990:13).

Doelstelling is egter nie 'n nuwe gedagte nie aangesien elke mens 'n basiese begrip daarvan het. Doelgerigtheid is die onderskeidende kenmerk van alle rasionele menslike aktiwiteite (vgl. Locke & Latham 1984:12; Handa 1987:48). Na 'n beskouing van verskillende verwante studies kom Locke en Latham (1990:94-95) tot die slotsom dat doelstelling die uitvoering van 'n taak op ten minste drie maniere raak. Die persoon raak gemotiveer om homself in te span ten einde die taak uit te voer; hy word gemotiveer om aan te hou en deur te druk; en sy aandag word gerig op relevante en gewenste gedrag.

Mace (*in* Locke & Latham 1990:13) bevind met sy navorsing dat indien 'n persoon ervaar dat hy sukses behaal, die aksie wat uitgevoer word vir hom bevredigend en genotvol is. Vir suksesvolle doelbereiking is dit nodig om 'n aksieplan uit te werk. Carroll en Tosi (1973:81-82) toon redes aan waarom 'n aksieplan vir doelbereiking bevorderlik is:

- Dit bevorder die soeke na doeltreffende metodes vir doelbereiking.
- Daar word aan die uitvoerbaarheid van doelwitte oorweging geskenk.
- 'n Tyd- en kosteberekening word gedoen.
- Struikelblokke en probleme kan voorsien word.
- 'n Aanduiding word verkry van watter ander persone se hulp nodig sal wees.
- Hulpbronne wat nodig gaan wees, word geïdentifiseer.
- Wanneer doelwitte en stappe gespesifiseer is, kan kontrole oor uitvoering en vordering gehou word.
- Areas waar hulp of steun nodig is, word geïdentifiseer.

Begrip en vaardighede in doelstelling en die uitwerk van 'n aksieplan kan die kliënt help om self in basiese behoeftes te voorsien en sodoende maatskaplike funksionering te bevorder. Dit is egter belangrik dat die persoon in die aanvanklike uitvoering van sy take deur aanmoediging, erkenning en terugvoering aangespoor sal word.

## ▪ **Interaktiewe deelname**

Interaktiewe deelname is ook as 'n tegnologiese item geselekteer aangesien dit in die produksie van videoprogramme 'n spesifieke benadering, naamlik interaktiewe video, verteenwoordig. Kykerdeelname in 'n program is die sleutelbegrip van interaktiewe video (vgl. Gayeski 1983:70). Interaktiewe video word dikwels slegs in terme van die apparatuur wat gebruik word, gedefinieer, maar 'n sinvoller benadering is om te kyk na die interne ontwerp van die program wat gebruik word.

'n Program wat ononderbroke met behulp van 'n gewone videomasjien vertoon word, kan hoogs interaktief wees in die sin dat die kykers aktief daarby betrokke is deur die neem van notas, identifisering met programinhoud, modellering van gedrag en so meer (Arwady & Gayeski 1989:101). Die skrywers voer aan: "Because interactive video can take many forms, it's best defined as programs which require viewer response."

Die eenvoudigste vorm van interaktiwiteit is om die draaiboek so te skryf dat die kyker direk aangespreek word en daardeur betrokke raak. Vervolgens word gekyk na werkwyses en tegnieke waardeur interaktiewe videoprogramme op hierdie manier gebruik kan word om programdoelstellings te bereik.

## **Die hulpverlener as fasiliteerder van interaksie**

In maatskaplike hulpverlening behoort die videoprogram slegs 'n hulpmiddel vir die hulpverlener in die bereiking van die programdoelstelling te wees. Dit gebeur egter dikwels dat wanneer videoprogramme in hulpverlening benut word, die verwagting bestaan dat die hulpverlener se taak deur die medium oorgeneem word. Hierdie wanopvatting word duidelik deur Quick en Wolff (1976:9) reggestel: "One thing must be remembered about the medium: it should not be expected to carry the whole load of teaching. There are some things it cannot provide a substitute for - such as necessary face-to-face teaching or group supervision."

## **Videotegnieke wat interaktiwiteit bevorder**

Slegs 'n videomasjien, monitor en beskikbare videomateriaal is nodig vir die benutting van die volgende videotegnieke:



## **Responsstimulering**

Videomateriaal word aan die kliënt vertoon om sekere response uit te lok. Verlangde response is byvoorbeeld bespreking van aangeleenthede rakende die inhoud van die program; bespreking van eie ervaring wat aansluit by dit wat in die program aangebied word, en oorweging van alternatiewe oplossings vir 'n probleemsituasie wat hanteer is.

Responsstimulering is veral waardevol in die aanvangsfase van intervensie wanneer dit vir die kliënt moeilik is om akkuraat uitdrukking aan gevoelens te gee. Hierdie tegniek word veral in groepe effektief gebruik om groeplede betrokke te kry (Katz 1975:45). Die volgende videomateriaal kan in responsstimulering gebruik word:

- Kort snitte uit populêre TV-dramas - strooisages;
- TV-advertensies;
- suksesstories van bekende persoonlikhede;
- snitte uit die dag se nuusgebeure; en
- dokumentêre programme.

## **Videomodellering**

Videomodellering kan as plaasvervanger vir lewendige modellering gebruik word.

Dit is koste-effektief en hou spesifieke voordele in:

- Die stel of omgewing waar modellering gedoen word, kan aangepas word by die natuurlike omstandighede waarin die situasie hom afspeel. Vir die werksoek-onderhoud sal die kantoor van die werkgewer byvoorbeeld as stel ingerig kan word.
- Die model kan oefen totdat die vaardigheid na wense bemeester is waarna die aanbieding daarvan op videoband vasgelê word.
- Verskillende modelle kan gebruik word om dieselfde gedrag te demonstreer sodat die effek daarvan verhoog word.

'n Voorbeeld van videomodellering is die stimulus-modelleringsvideoband vir huweliksberaad wat deur Mayadas en Duehn (1977) ontwikkel is. Twintig scenario's is gemaak waarin tipiese wyses van konflikhantering binne die huwelik gemodelleer word. Verkeerde en korrekte gedrag is deur die modelle aangetoon.

### **■ Skriftelike ervaringsoefeninge**

Die waarde van skriftelike ervaringsoefeninge is deur die navorser in eie praktyk-ervaring ondervind. Heimler (1975:2) is van mering dat "(o)nce a person has

seen his own problems psychologically externalized - written down on paper - and has been able to consider them objectively, he can often solve them himself". Hierdie gedagte word ook deur Handa (1987:43) ondersteun in die sin dat die neerskryf van 'n saak die persoon se denke bevorder en 'n basis daarstel waarvolgens optrede gerig word en vordering ten opsigte van doelbereiking makliker maak.

### **3.1.4 Konseptegnologie**

Die daarstelling van riglyne vir die produksie van interaktiewe videoprogramme wat in maatskaplikewerk-hulpverlening benut kan word, is as konseptegnologiese item tydens hierdie fase ontwikkel, asook 'n skets of uitleg vir die konsepprogramreëks.

#### **Riglyne vir die produksie van videoprogramme**

Met die ontwikkeling van die riglyne is spesifiek gekyk na die insette wat deur die hulpverlener in die produksie van maatskaplike/opvoedkundige videoprogramme gemaak kan word. Riglyne is nie ten opsigte van tegniese aspekte van die produksie, soos die gebruik van video en klanktoerusting, gegee nie.

#### **Uitleg van die programreëks**

Met die ontwikkeling van die uitleg of skets vir die programreëks is die essensie van die volgende stelling ondervind: "In die skets stel die draaiboekskrywer die parameters vas waarbinne daar gewerk gaan word. Die skrywer is in dié stadium soos 'n bouer wat persele uitkies en die grootte, vorm en helling in ag neem, aangesien die grond waarop hy staan 'n beslissende invloed sal hê op die gebou wat hy in gedagte het" (Otto 1983:104). Die volgende aspekte het aandag geniet:

#### **(1) Die beoogde teikengroep(e)**

Roeske (1979:1391) is van mening dat "... any videotape should have a flexibility that will allow its use for a variety of educational purposes and for a variety of audiences". Om videoprogramme optimaal in maatskaplike hulpverlening te kan benut, is die navorser ook van mening dat die programme met 'n verskeidenheid teikengroepe gebruik moet kan word. Daarom is besluit om die videoprogramreëks te rig op jong volwassenes en volwassenes - persone tussen ongeveer 18 en 60 jaar oud.

Aangesien die videoprogramreeks interaktiewe betrokkenheid van die kliënte/ deelnemers verg en hulle tydens die program aan hul eie doelstellings werk, is dit moontlik om die teikengroep so wyd te stel. Dit sal moontlik meebring dat die hulpverlener ook addisionele leermateriaal, wat op die spesifieke behoeftes van die teikengroep gerig is, moet gebruik.

**(2) Programdoelstelling**

Soos aangedui in Paragraaf 2.2.2 is die bevordering van maatskaplike funksionering as onderwerp vir die videoprogramreeks gekies aangesien dit een van die grootste behoeftes is wat met die opname-onderzoek ten opsigte van programonderwerpe aangetoon is, en dit 'n primêre doelstelling van die meeste maatskaplike hulpverleningsprogramme is.

**(3) Kennis en aannames van die teikengroep/e ten opsigte van die onderwerp**

Daar is besluit om van 'n interaktiewe werkwyse gebruik te maak waar die kliënt se kennis, houding, behoeftes en doelstellings vooraf gemeet en tydens die program in ag geneem word. Programmateriaal kan deur die hulpverlener bygevoeg word indien so 'n behoefte deur die teikengroep uitgewys word.

**(4) Inhoud van programreeks**

Inhoude wat geselekteer is en ingesluit word, is reeds bespreek.

**(5) Totale begroting van die program**

'n Begroting vir die program is met behulp van die volgende formule uitgewerk:

|                         |        |
|-------------------------|--------|
| Administratief          | 12,5 % |
| Navorsing en draaiboeke | 12,5 % |
| Opnames                 | 35,0 % |
| Naproduksie             | 30,0 % |
| Onvoorsiene uitgawes    | 10,0 % |

(Vgl. Wolverton 1983:73)

**(6) Wyse waarop die program gebruik en versprei gaan word**

Die videoprogramreeks vorm deel van 'n programpakket wat bestaan uit assesseringsinstrumente, vier videoprogramme, 'n werkboek met oefeninge en illustrasies vir die leerder en 'n handleiding vir die hulpverlener. Die videoprogramme word deur die hulpverlener as 'n hulpmiddel gebruik om die program aan te bied, en basiese groepwerktegnieke word gebruik om die groepproses te bevorder. Waar

nodig word programmateriaal aangepas en aangevul om in die spesifieke behoeftes van die groep met wie gewerk word te voorsien.

Die program sal aan welsynsorganisasies en ander instellings, waar maatskaplike-werk-dienste gelewer word, bekend gestel word deur 'n brosjure, vakkundige artikels, mediadekking en aanbiedings by vergaderings en ander geleenthede. Maatskaplike werkers wat die program wil aanbied sal eers 'n opleidingskursus moet deurloop.

### **3.2 DOELWIT 2 - Uitvoerbaarheidstudie**

Dit is wenslik om vroegtydig in die ontwikkelingsproses die uitvoerbaarheid van die beoogde tegnologie te bepaal sodat aanpassings en veranderinge, indien nodig, gemaak kan word. Volgens Thomas (1981:599-600) moet aandag gegee word aan tegnologiese, ekonomiese en organisatoriese uitvoerbaarheid. Hierdie uitvoerbaarheidsfaktore is oorweeg en die bevindings word kortliks bespreek.

#### **3.2.1 Tegnologiese uitvoerbaarheid**

Die skets van die videoprogramreeks en interaktiewe oefeninge is deur die navorser aan 'n groep van 24 tweedejaarstudente in maatskaplike werk en 'n groep van 10 gevangenes aangebied om die uitvoerbaarheid daarvan te bepaal. Die Hudsonskaal: "Index of Self-Esteem" is gebruik om te bepaal of daar enige verandering ten opsigte van selfagting as gevolg van hierdie aanbieding was.

Hoewel die tegnologiese uitvoerbaarheid van die program in geheel nie met hierdie aanbiedings gemaak kon word nie, kon bevindings verkry word oor die uitvoerbaarheid van die inhoud wat vir die programme geselekteer is. Die volgende bevindings is verkry:

- Programinhoud is as sinvol en interessant ervaar.
- Die Christelike lewensbeskouing, wat as riglyne vir die vorming van persoonlike lewensreëls gestel word, is aanvaarbaar.
- Die interaktiewe oefeninge is verstaanbaar en sinvol.
- Die programmateriaal vind aansluiting by verskillende behoeftes van die deelnemers.
- Respondente se siening van hulleself, met ander woorde selfagting, wat deur die Hudsonskaal: "Index of Self-Esteem" gemeet is, is bevorder.
- Areas waar meer voorbeelde en toeligting nodig is, is uitgewys.

Al die bevindings en aanbevelings is verwerk in die vervaardiging van die video-programme, werkboek vir die deelnemer en handleiding vir die hulpverlener.

### **3.2.2 Ekonomiese uitvoerbaarheid**

Die benutting van videomateriaal en programme is betreklik goedkoop. Die toerusting wat nodig is, kan vir R3 000 - R4 000 aangekoop word. Die aankoopkoste van video programme is ook min in vergelyking met die produksiekoste daarvan.

Indien daar met behulp van die program geslaag word om die maatskaplike funksionering van deelnemers te bevorder, sal dit meebring dat hulle beter in staat sal wees om in eie basiese behoeftes te voorsien. Selfhelpaktiwiteite word bevorder wat besteding aan noodleniging en materiële bystand kan verminder.

### **3.2.3 Organisasoriese uitvoerbaarheid**

Daar is voorsien dat die aanbiedingstyd, insluitend die tyd wat vir assessering nodig is, 15 ure beloop. Met reëlings wat getref is om die konsepprogram uit te toets, het dit geblyk dat die tydsduur van die program 'n probleem kan skep. Weens gebrekkige motivering is persone dikwels onwillig om vir 'n lang tydperk by 'n program betrokke te wees. Hierdie probleem kan moontlik uitgeskakel word vanweë die feit dat video programme vir die meeste mense fassinerend is en as motivering kan dien om meer betrokke te raak. Die benadering wat gevolg word, naamlik dat kliënte geleentheid kry om aan hulle eie doelstellings te werk, behoort ook daartoe by te dra dat byeenkomste gereeld bygewoon word.

## **3.3 Samevatting**

Die eksplorasie doelstelling, naamlik om die werkwyse en inhoud van die program te selekteer, is bereik. Dit is gedoen deur (1) met behulp van 'n siftings-prosedure potensiële tegnologiese items te selekteer; en (2) 'n uitvoerbaarheid-studie ten opsigte hiervan te doen.

## **4. ONTWIKKELINGSFASE - DOELSTELLING 3: VERVAARDIGING**

Die derde doelstelling van die ontwikkelingsfase is die vervaardiging van die nuwe tegnologie. Doelwitte om by hierdie doelstelling uit te kom, is (1) die daarstelling van 'n plan of ontwerp, en (2) die vervaardiging en afronding van die produk. 'n Produksiekomitee is saamgestel om te help met die neem van belangrike besluite en keuring van die produk. Vervolgens word verslag gedoen oor hoe die vervaardigingsdoelstelling bereik is.

### **4.1 DOELWIT 1 - Plan van nuwe tegnologie**

Die eerste stap in die beplanning van die program, of die nuwe tegnologie, was om tegnologiese of programdoelwitte te formuleer.

#### **4.1.1 Programdoelwitte**

Hepworth en Larsen (1986:14) se uitgangspunt dat maatskaplike funksionering bevorder kan word indien voorsien word in die basiese behoeftes van mense, is gebruik om programdoelwitte te formuleer. Om in hierdie behoeftes te voorsien moet die toepaslike hulpbronne benut word. Programdoelwitte wat na aanleiding van hierdie behoeftes geformuleer is, is dat deelnemers hulle

- (1) lewensatisfaksie moet verhoog sodat persoonlike vervulling in die verskillende lewensareas (soos onder andere werksopset) ervaar kan word;
- (2) frustrasie moet verlaag sodat positiewe emosies bevorder kan word ten opsigte van die self, ander en die gemeenskap;
- (3) globale lewenspersepsie op 'n vlak van realisme moet bring sodat haalbare, konkrete doelwitte nagestreef kan word;
- (4) kennis van maatskaplike funksionering in die algemeen moet vermeerder sodat al die behoefte-areas sinvol benader kan word;
- (5) selfagting positief moet bevorder sodat selfvertroue en 'n gunstige self-konsep ontwikkel kan word;
- (6) portuurgroepverhoudings positief moet bevorder sodat verhoudings, persoonlike hulpbronne en 'n steungewingsnetwerk ontwikkel kan word;
- (7) vaardighede in doelwitstelling en doelwitbeplanning moet ontwikkel sodat selfhelp-aktiwiteite ten opsigte van behoeftebevrediging bevorder kan word.

Reeds in die beplanningstadium van programontwikkeling moet voorsien word dat programdoelwitte sodanig geselekteer word dat die uitkomst daarvan meetbaar is. In die verband merk Raymond (1981:421) op: "Often the objectives of social programs are stated in such vague and general terms that it is impossible to demonstrate with certainty whether or not they are being attained." Nadat doel-

witte bepaal is, is dit nodig om metingsprosedures vas te stel sodat die teenwoordigheid van verlangde eienskappe van doelbereiking gemeet kan word. Hierdie eienskappe word sodoende as afhanklike veranderlikes geoperasionaliseer (vgl. De Vos 1989:113; Raymond 1981:422).

### **Metingsprosedures**

Die volgende meetinstrumente sal gebruik word om te bepaal in watter mate die programdoelstelling en die doelwitte bereik is.

- Die "Heimler Scale of Social Functioning" vir die meting van die oorkoepelende doelstelling, naamlik die bevordering van maatskaplike funksionering. Die skaal is deur Eugene Heimler ontwikkel en bestaan uit drie subskale: die satisfaksie-, frustrasie- en sinteseskaal (Heimler 1975).
- Die Hudsonskale: "Index of Self-Esteem" vir die meting van houdingsverandering ten opsigte van selfagting, en "Index of Peer Relations" vir die meting van houdingsverandering ten opsigte van portuurgroepverhoudings. Hierdie twee skale is deel van die Kliniese Metingspakket vir Maatskaplike Werkers wat uit nege skale bestaan en is deur Walter W. Hudson ontwikkel (De Vos 1989:17; Bloom & Fischer 1982:148-162).
- 'n Selfopgestelde kennistoets met meervoudige keusevrae om kennis ten opsigte van maatskaplike funksionering en produktiewe selfspraak te toets.
- 'n Selfopgestelde skaal vir beoordeling van vaardighede in die formulering van 'n doelstelling en beplanning vir doelbereiking.

#### **4.1.2 Tegnologiese items**

In maatskaplikewerk-hulpverlening word tegnologiese items gesien as werkwyses waardeur maatskaplikewerk-doelstellings bereik kan word. In die beplanning van tegnologiese items wat deel vorm van die totale nuwe tegnologie wat ontwikkel word, is die teorie en werkwyses wat in die eksploreringsfase geselekteer is, aangepas en verwerk ten einde effektief te wees in die bereiking van spesifieke programdoelwitte. Die volgende tegnologiese items word by die nuwe tegnologie ingesluit:

- (1) Videoprogramreeks wat die volgende programme insluit:
  - Suksesverhale van persone wat moeilike omstandighede ondervind en oorwin het. Hierdie persone moet mense wees met wie die kyker/deelnemer kan identifiseer.
  - 'n Lesing oor suksesvolle maatskaplike funksionering wat daarop gerig is om die kyker/deelnemer se houding positief te verander, kennis te vermeerder en vaardighede aan te leer.
  - Videomodellering van beginsels en vaardighede wat in die lesing aangebied word.

- 'n Oriënteringsprogram (hierdie program sal as deel van die bemerkingsmateriaal vervaardig word indien dit werkbaar is).
  - 'n Kort dokumentêre program oor die langtermyntoepassing van beginsels en vaardighede wat geleer is. (Hierdie program sal eers tydens die benuttingsfase van die projek kan realiseer indien voldoende terugvoering ontvang word.)
- (2) Skriftelike oefeninge om betrokkenheid by die kyker/deelnemer te bevorder.
  - (3) Hulpverlenershandleiding om as riglyn vir die aanbieding van die program te dien.
  - (4) Riglyne vir die produksie van interaktiewe videoprogramme vir benutting in maatskaplike hulpverlening.

### **Ontwerp van nuwe tegnologie**

Tydens die ontwerp van die tegnologie word die potensiële tegnologiese items wat in die eksplorasiefase geselekteer is, omgeskep in programinhoud. Die verskillende modules wat ontwerp word, word vervolgens bespreek.

#### **▪ Videoprogramreeks**

Daar was reeds in die eksperimenteeringsfase begin met die ontwerp van die video-program as nuwe tegnologiese item deur 'n uitleg vir die lesing oor maatskaplike funksionering op te stel; met die ontwerp van die tegnologie is hierdie uitleg verder ontwikkel. Vir die ander videoprogramme is op dieselfde wyse te werk gegaan.

Inhoud waaraan daar in die bewerking aandag gegee is, word vervolgens aange-  
toon:

- (1) Suksesverhale van persone wat moeilike omstandighede ondervind en oorwin het, wat as responsstimulering gebruik word.

Drie persone wat bekendheid verwerf het, naamlik Fransie Geringer, Dot Feldman en Wynand du Toit, gaan vertel hoe hulle moeilike situasies oorwin het. Hierdie persone se verhale behoort 'n tydlose boodskap te kan oordra aangesien dit vir almal 'n les inhou. Met hierdie motiveringsprogramme word die eerste saadjies vir nuwe denkpatrone en 'n nuwe skema, naamlik "ek kan 'n wenner wees", geplant.

- (2) Lesing oor suksesvolle maatskaplike funksionering - "Sukses met PROSES".

Met hierdie program word die opvoedkundige dimensie (soos reeds bespreek) gebruik. Leerinhoud ten opsigte van die volgende word gegee:

- Selfspraak word as 'n spesifieke metode aangebied en as "PROSES" afgekort. Deelnemers leer om "PROSES" te gebruik deur oefeninge en toepassings wat gemaak word.



- Formulering van persoonlike lewensreëls word gebruik om houdingsverandering (of die verandering van negatiewe skemas) te bevorder.
- Perseptuele verskuiwingstegnieke, wat gebruik kan word om denke positief te verander, word verduidelik en deelnemers kry geleentheid om dit met ervaringsoefeninge op die proef te stel. Die volgende tegnieke is aangepas en ontwikkel: fokusverskuiwing, raming, gesigshoeke, passing, woordkrag en visualisering.
- 'n Spesifieke werkwyse vir doelstelling en doelwitbeplanning word verduidelik en geïllustreer.

(3) Videomodellering - "Dit kan gedoen word".

Tegnieke en inligting wat in die videoprogram "Sukses met PROSES" oorgedra is, word gemodelleer in 'n situasie waarmee die kliënt kan identifiseer, naamlik 'n gevangene op parool wat besig is om werk te soek en daarin slaag om die werk van sy keuse te kry. Die model vertel aan die kyker hoe hy sy doelwitte geformuleer het en stappe beplan het om hierdie doelwitte, en uiteindelik sy doelstelling, te bereik. Met 'n gedramatiseerde voorstelling van die werksoek-situasie word aan die kyker riglyne gegee om self die werksoek-onderhoud te hanteer.

▪ **Skriftelike ervaringsoefeninge**

Die doelstelling met die skriftelike oefeninge is dat die deelnemer, binne die raamwerk wat deur die hulpverlener en die videoprogramreeks daargestel word, die geleentheid kry om, soos Heimler (1975:2-3) dit stel, met sy eie ervaring in aanraking te kom. Die kliënt leer om sy eie situasie te ontleed, doelwitte te formuleer en doelbereiking te beplan. Nadat die oefeninge individueel gedoen is, word dit in die groep bespreek. Die hulpverlener moet seker maak dat al die deelnemers die oefening verstaan het en op hulle eie situasie van toepassing gemaak het. Die volgende oefeninge is ingesluit:

- *Formulering van 'n eie doelstelling waaraan daar tydens die program gewerk gaan word.* In hierdie oefening moet die deelnemers aantoon watter doelstelling hulle tydens die assessering geformuleer het om aan te werk.
- *Selfinstruksies.* Deelnemers moet na die doelstelling waaraan hulle werk, kyk en bepaal watter instruksies hulle aan hulleself kan gee om suksesvol te wees.
- *Eie lewensbeskouing.* Die beginsels van hulle eie lewensbeskouing moet uitgelig word en daarvolgens moet hulle boodskappe aan hulself formuleer waardeur hulle gedrag gerig kan word.
- *Fokusverskuiwing.* Omkeerbare tekening word as analogie gebruik om die kyker/deelnemer te help om wanopvattinge en onakkurate denkpatrone bloot te lê.
- *Gesigshoeke.* Die situasie of doelstelling waaraan die kyker/deelnemer werk, word bekyk en hulle moet hulleself verplaas in die posisie van ander persone wat betrokke is of belang daarby het. Hulle moet probeer ervaar wat hierdie persone se behoeftes en verwagtinge is en hulle eie optrede daarvolgens beplan.

- **Maak van 'n passing.** Deur lyne te trek moet deelnemers aantoon hoe twee tekeninge, A en B, in mekaar pas. Deur die oefening te doen, kan hulle ervaar dat dit moontlik is om 'n moeilike situasie te oorwin. Deelnemers moet na aanleiding van verskillende stellings aantoon wat hulle eie gewaarwordinge was terwyl hulle besig was om die oefening te doen.
- **Woordkrag.** Deelnemers moet hulle verbeelding en ervaring gebruik om 'n plakkaat te maak wat hulle sal motiveer om hulle doelstelling te bereik.
- **Visualisering.** Die optrede wat hulle tydens die oefening oor gesigshoeke beplan het moet gevisualiseer word. Hierdie visualiserings kan in die groep bespreek word of met rolspel gedemonstreer word.
- **Beplan doelbereiking.** Al die inligting en tegnieke wat gedurende die program geleer is, moet gebruik word om doelbereiking te beplan.

- **'n Handleiding vir die hulpverlener**

Die volgende word by die handleiding ingesluit:

- Agtergrond ten opsigte van die teoretiese fundering van die program.
- Werkwyse wat gevolg word.
- Doelstellings en doelwitte van die program.
- Indeling van die program in die beskikbare tyd.
- Wedersydse verwagtinge van aanbieder en deelnemer.
- Aanbieding van die verskillende sessies en vrae wat bespreek moet word.
- Verduideliking van die skriftelike oefeninge.
- Assesseringsinstrumente en verduideliking van die prosedure.

- **Riglyne vir die produksie van videoprogramme**

Elemente van die produksieproses wat deur die vakkundige uitvoer kan word en wat vir hom/haar belangrik is om van kennis te neem, word by hierdie riglyne ingesluit. Take wat uitsluitlik die verantwoordelikheid van tegniese persone is word nie ingesluit nie. (Tegniese aspekte van die produksieproses word volledig toegelig in die werke van Compesi & Sherriffs 1985; Quick & Wolff 1976; Wiegand 1985; en Gayeski 1983.)

Tegnologiese items is tydens die ontwerpfasie aan lede van die produksiekomitee vir goedkeuring en kommentaar voorgelê.

## **4.2 DOELWIT 2 - Werkbaarheidsassessering**

Vir die bereiking van hierdie doelwit was dit nodig om 'n prototipe van die programreeks daar te stel en loodstoetsings te doen. Formatiewe evaluering word gedoen om die werking van die program te toets en waar nodig te verbeter en te verander.

#### **4.2.1 Vervaardig prototipe**

##### **Draaiboeke**

Die volledig gestruktureerde program is in hierdie fase van die draaiboeke ontwikkel. 'n Tegnieke aanbiedingsformaat is gebruik sodat al die lede van die produksiespan en aanbieders met die draaiboeke sal kan werk.

Aanbiedingstegnieke, wat met die skryf van die draaiboeke benut is, word volledig deur Arwady en Gayeski (1989) behandel. Hierdie tegnieke sluit in die

- subjektiewe gesigshoek,
- herhalings,
- vinnige visuele insette,
- oudioleidraad,
- musiektegniek,
- die alwetende woordvoerder-tegniek.

##### **Opneem van videomateriaal**

Ateljee- en buite-opnames is gedoen. Met die ateljee-opnames is van drie verskillende stelle gebruik gemaak: 'n agtergrond vir aanbieding van die lesing; die slaapkamer van die model, Herman Fourie, en die kantoor waar die werksoek-onderhoud gevoer is.

Buite-opnames het onderhoude behels met wyle Fransie Geringer by sy ouerhuis in Brakpan, Dot Feldman by die Nantes Kleuterskool in Eersterust, en Wynand en Louwna du Toit op hulle plaas Matjiesrivier, Clanwilliam.

##### **Redigering van videomateriaal**

'n Videoband met opnames van die onderhoud met Dot Feldman het tydens die redigering beskadig geraak toe die redigeringsmasjien gebreek het. Dit was nie moontlik om 'n heropname van die onderhoud te maak nie, en hierdie gedeelte is gevolglik uit die videoprogram weggelaat.

Die tegnologiese items is volgens beplanning vervaardig behalwe die oriënteringsprogram en dokumentêre program waarin terugvoering oor die benutting van die program gegee moet word.

#### **4.2.2 Toets prototipe**

Die rofgeredigeerde videoprogramme en interaktiewe oefeninge is met die volgende groepe uitgetoets:

**(1) Groep gerehabiliteerde alkoholiste**

Tien lede van die Christelike Alkoholiste Diens sou aanvanklik die aanbieding bywoon. Aangesien die datum vir hierdie aanbieding uitgestel moes word omdat die redigering van die programme nie betyds klaar was nie, kon sewe van die lede nie meer kom nie. Die drie persone wat wel die aanbieding bygewoon het, is deur die program beïndruk en het die navorser dringend versoek om die program so wyd as moontlik te versprei aangesien "enige mens daarby sal kan baat".

**(2) Groep studente van 'n mannekragopleidingsentrum**

Sewentien swart studente (met matriekkwaliifikasie) van die sentrum het die aanbieding bygewoon. Hoewel hierdie persone Afrikaans op skool gehad het en volgens die personeel dié taal goed magtig was, kon hulle nie die programinhoud verstaan nie. Die program sal dus alleenlik vir persone wie se moedertaal Afrikaans is of die taal goed magtig is, aangebied kan word.

**(3) Groep gevangenes**

Die volledige program is met behulp van die rofgeredigeerde videoprogramme aan 'n groep van sewe gevangenes, wat deel uitgemaak het van 'n ontslagvoorbereidingsprogram, aangebied. Aanvanklik is 20 persone betrek wat vrywillig by die ontslagvoorbereidingsprogram wou inskakel. Die groep is ewekansig verdeel in 'n eksperimentele en 'n kontrolegroep van tien persone elk. Nadat die voortoetse gedoen is, het van die respondente amnestie gekry en het slegs sewe in die eksperimentele en drie in die kontrolegroep oorgebly.

Die program is in sy geheel aan die eksperimentele groep aangebied deur 'n interne maatskaplike werker, wat vooraf deur die navorser opgelei is. Die aanbieding van die program het slegs twee dae geduur. Die navorser was as waarnemer teenwoordig. Die kontrolegroep het die program deurloop wat normaalweg tydens ontslagvoorbereiding aangebied word. Hierdie program het drie weke geduur en is deur twee maatskaplike werkers vir die kontrolegroep van drie persone aangebied.

Die afhanklike veranderlikes is met behulp van die meetinstrumente voor en na afloop van die onderskeie programinsette deur die navorser gemeet. Weens die hoë uitvalsifer is hierdie resultate nie statisties verwerk nie.

Hoewel daar nie 'n volledige evaluering met die loodstoetsings gedoen kon word nie, is waardevolle bevindings gemaak. Die loodstoetsings het leemtes in die

videomateriaal, die aanbieding van addisionele program materiaal en die skriftelike oefeninge wat gedoen is, uitgewys. Daar kon vasgestel word dat die programinhoud daarin slaag om die kyker/deelnemer aktief by die program betrokke te kry. Terugvoering van persone wat deel was van die loodstoetsings en ander persone wat met hulle kontak gehad het, was dat hulle beslis by die program gebaat het.

### **4.3 DOELWIT 3 - Afronding van produkpakket**

#### **4.3.1 Voorlegging aan lede van die produksiekomitee**

Die videoprogramreeks is aan lede van die produksiekomitee voorgelê voordat enige veranderinge gemaak is. Komiteeledes het die inhoud van die programme goedgekeur en het slegs ten opsigte van tegniese aspekte veranderinge aanbeveel. Dit het meegebring dat die lesing "Sukses met PROSES" weer opgeneem moes word.

#### **4.3.2 Implementeer bevindings**

Na verwerking van die aanbevelings van die produksiekomitee en resultate van die loodstoetsings is die program afgerond met die afhandeling van die volgende aktiwiteite:

- Heropname van die lesing deur ds. Johan Symington
- Tweede redigering van videoprogramme
- Hersiening van hulpverlenershandleiding
- Hersiening van werkboek vir leerders

### **4.4 Samevatting**

Die vervaardigingsdoelstelling is bereik deur (1) beplanning en ontwerp van die program, en (2) die vervaardiging en loodstoetsing van die tegnologiese items.

Met die loodstoetsings en implementering van die bevindings is die formatiewe evaluering van die program voltooi. Daar is voldoen aan die vereistes wat Tuckman (1985:10) vir formatiewe evaluering stel: "In the formative approach to evaluation, results are fed back into the system in order to improve its function and quality. Hence, the purpose of the evaluation is not to judge but to improve or enhance program operations."

## **5. ASSESSERINGSFASE - DOELSTELLING 1: SUMMATIEWE EVALUERING**

Die doelstelling van die assesseringsfase is om summatiewe evaluering uit te voer. Summatiewe evaluering bepaal die mate waarin gemete resultate van doelbereiking met dié van gestelde doelwitte ooreenkom. Met hierdie evaluering word daar van 'n navorsingsontwerp gebruik gemaak, die resultate word statisties ontleed en waar toepaslik word vergelykings met alternatiewe programme gemaak. Die vasstelling hiervan behoort geldigheid en veralgemeenbaarheid te bied (vgl. Tuckman 1985; Patton 1986:66; Snyman 1989:149). Doelwitte wat bereik moet word ten einde die assesseringsdoelstelling te bereik is (1) die uitvoering van implementeringsmonitering en (2) uitkomsevaluering.

Dit was nodig om die evaluering op twee verskillende geleenthede uit te voer. Met die implementeringsevaluering, tydens die eerste evaluering, is gevind dat 'n hele aantal faktore die aanbieding van die program belemmer het en dat dit nie moontlik was om die werklike effek van die program te meet nie. Volgens Patton (1986:125) is dit "... important to know the extent to which a program is effective after it is properly implemented, but to answer that question it is first necessary to know the extent to which the program was, indeed, properly implemented".

Daar word afsonderlik verslag gedoen van die twee evalueringseleenthede.

### **I EERSTE IMPLEMENTERING**

#### **5.1 DOELWIT 1 - Implementeringsmonitering**

Indien die uitkomste van 'n program geëvalueer word sonder enige kennis oor die implementering daarvan, kan behoorlike besluite ten op sigte van die program nie geneem word nie. Die besluitnemer, of moontlike gebruiker van die program, het geen inligting oor wat die verlangde uitkomste moontlik gemaak of belemmer het nie.

Tussentredende veranderlikes (Raymond 1981:423) of inmengende veranderlikes (Strydom 1991:28) is van belang by die wyse waarop programimplementering verloop. Vervolgens word tussentredende veranderlikes wat by die implementering van die program 'n bepalende invloed kon gehad het, bespreek. Eerstens

word gekyk na tussentredende veranderlikes wat met die organisering vir die implementering van die program 'n rol kon gespeel het en tweedens na dié tydens die insameling van evalueringsdata.

### **5.1.1 Organisering vir programimplementering**

Met die opname-ondersoek wat tydens die behoeftebepaling gedoen is, het dit geblyk dat SANRA (SA Nasionale Raad insake Alkohol- en Dwelmafhanglikheid) die meeste van videotegnologie gebruik gemaak het. Daar is besluit om vir die summatiewe evaluering van die program alkohol-afhanklikes as teikengroep te neem. 'n Privaat kliniek in Pretoria is in dié verband genader, maar die pasiënte by hierdie kliniek betaal vir die behandeling wat hulle ontvang en hulle kon nie die bestaande program wysig om 'n eksperimentele program aan te bied nie. Aangesien hulle behandelingstydperk kort is, was daar ook nie tyd om dié program bykomend aan te bied nie.

'n Staatsrehabilitasiesentrum vir chemiese afhanklikheid is as alternatief genader en toestemming is verkry om die program daar aan te bied en te evalueer. Ongeveer 300 persone word in dié sentrum, wat uit drie geboue bestaan, geakkommodeer. Mans en dames word apart gehuisves. Tydens opname word inwoners volgens tipe afhanklikheid en dienslewingsprogramme wat aangebied word, ingedeel. Hierdie programme duur vier maande.

#### **5.1.1.1 Skakeling met personeel**

Onderhandelings vir die implementering van die program is met die superintendent, 'n senior maatskaplike werker, aangeknoop. Daar is tydens die besoeke aan die volgende reëlings, wat ook skriftelik bevestig is, aandag gegee:

- Doelstellings en teoretiese fundering van die program,
- selektering en motivering van deelnemers,
- die navorsingsontwerp,
- assessering,
- toerusting en lokale wat nodig is,
- indeling van die program in die beskikbare tyd,
- absolute belangrikheid dat deelnemers die volle program deurloop en nie by ander aktiwiteite betrokke is nie.

#### **5.1.1.2 Seleksie van proefpersone en steekproeftrekking**

Vier-en-sestig mans wat by die alkoholprogram van die rehabilitasiesentrum inskakel, is aanvanklik betrek. Hierdie persone was almal in die oudste van twee

geboue op die terrein gehuisves. Die ouderdomme van respondente het tussen 23 en 65 jaar gewissel, met 'n gemiddelde ouderdom van 39 jaar. Hulle opvoedkundige kwalifikasies het van st. 6 tot graadkwalifikasies gewissel; die meeste het 'n st. 8-kwalifikasie gehad.

#### **5.1.1.3 Keuse van 'n navorsingsontwerp**

Daar is besluit om die klassieke eksperimentele ontwerp te gebruik sodat die geldigheid van die resultate verhoog kan word.

#### **5.1.1.4 Keuse en opleiding van programaanbieders**

Drie eksterne maatskaplike werkers is met die implementering van die program by die eksperimentele groep betrek. Die opleiding van die aanbieders het oor een dag gestrek. Die handleiding vir die hulpverlener, wat vooraf aan hulle gegee is, is tydens die opleiding deurgewerk. Dit het geblyk dat hierdie opleiding nie voldoende was nie aangesien die teoretiese benadering en tegnieke onderliggend aan die program vir hulle vreemd was.

#### **5.1.2 Insameling van evalueringsdata**

Vervolgens word tussentredende veranderlikes wat tydens die implementering van die program 'n invloed kon gehad het, bespreek.

##### **5.1.2.1 Ewekansige verdeling van respondente**

Al die respondente wat aanvanklik by die program betrek is, het die eerste dag bymekaargekom vir die afneem van die voortoetse. Vyftien persone het aangedui dat hulle nie sal kan deelneem nie, omdat hulle Afrikaans nie goed genoeg verstaan nie. Die res van die respondente is ewekansig in 'n eksperimentele en kontrolegroep verdeel. Die voortoetse is hierna afgeneem.

Die ewekansige verdeling het nie die groep se goedkeuring weggedra nie aangesien hulle self wou kies in watter groep hulle wou wees - die navorsingsontwerp kon dus 'n redelike mate van weerstand by die groep geskep het.

##### **5.1.2.2 Bywoning**

Daar was gedurig verskonings waarom sessies nie bygewoon kon word nie. Die toesighouer wat veronderstel was om ook teenwoordig te wees, was egter self nooit daar nie, en kon gevolglik nie kontrole uitoefen nie.



### **5.1.2.3 Motivering en betrokkenheid van deelnemers**

Die meeste persone word na die rehabilitasiesentrum gekommitteer en is nie vrywillig daar nie. Gevolglik was daar alreeds 'n groot mate van weerstand by heelwat van die respondente aanwesig. Dit is moontlik ook verhoog weens vriendskappe wat tussen die respondente bestaan het sodat hulle op grond hiervan self wou kies in watter groep hulle wil wees. Indien die groepe vooraf verdeel is en nie tydens die eksperiment nie, sou die weerstand moontlik minder gewees het.

### **5.1.2.4 Entoesiasme en betrokkenheid van die aanbieders**

Een van die aanbieders het sekere dele van die program bevestigend en was nie heeltemal gelukkig met die Christelike fundering van die program nie. Slegs twee (28 %) van die respondente wat by hierdie werker in die groep was, het die totale eksperiment voltooi. Die persoon wat die meeste entoesiasme vir die program getoon het en die meeste betrokke was, het ook die grootste aantal respondente opgelewer wat die eksperiment voltooi het, naamlik 77 %.

### **5.1.2.5 Assessering**

Assessering is voor en na die implementering van die program deur die navorser self gedoen. Dit het die navorser geleentheid gegee om met die respondente kennis te maak en te begin om 'n vertrouensverhouding te skep. Gevolglik het sommige persone verkies om by die kontrolegroep, wat deur die navorser gehanteer is, in te skakel.

Geen noemenswaardige probleme is tydens assessering met die meetinstrumente ondervind nie. Nadat die data nagegaan is, is egter gevind dat geweldig baie gegewens ontbreek het. Vraelyste is aan respondente vir opvolging teruggegee. Van hierdie vraelyste is egter weer onvolledig terugontvang. Veral die Heimler-skaal se positiewe indeks het probleme geskep, aangesien slegs toepaslike gedeeltes voltooi moet word. Dit het meegebring dat respondente die verkeerde gedeeltes ingevul het of gedeeltes wat wel ingevul moes word, uitgelaat het. Invul van die vraelys sou moontlik vollediger gewees het as slegs toepaslike gedeeltes in die vraelys ingesluit was.

### **5.1.2.6 Implementering van progamelemente**

Die totale tyd wat aan die assessering en programimplementering bestee is, was 15 uur. Die program is oor twee opeenvolgende dae deur die drie eksterne maatskaplike werkers aan die eksperimentele groep, wat in drie kleiner groepe verdeel is, aangebied.

Dit was nie moontlik om al die programmelemente in die beskikbare tyd aan te bied nie. Daar was byvoorbeeld nie tyd om by die oefening ten opsigte van doelformulering en doelwitbeplanning uit te kom nie. Waardevolle tyd het verlore geraak aangesien respondente nie in die oggende betyds was nie en ook nie na teetye en etenstye betyds opgedaag het nie. Deelnemers se konsentrasie het in die middag drasties afgeneem en daar moes meer as die beplande tyd aan programaktiwiteite spandeer word. Dit het ook geblyk dat die interaktiewe oefeninge 'n groot mate van dinkwerk vereis, wat vir die meeste deelnemers stimulerend maar uitputtend was.

Die programaanbieders het gerapporteer dat die respondente nie die oefening oor lewensreëls verstaan het nie. Die res van die program was vir die meeste verstaanbaar, hoewel dit groot konsentrasie geverg het.

Soos reeds genoem, is die kontrolegroep deur die navorser gehanteer. Om 'n skynbehandelingseffek te skep, is besluit om die kontrolegroep besig te hou met die vertoon van videodramas. Die navorser het vier vollengte-videodramas vertoon. Hierdie videodramas is as responsstimulering gebruik en die respondente het geleentheid gehad om hulle eie situasie te evalueer en te besluit wat hulle daaromtrent wil verander. Die groep is in drie kleiner groepe verdeel waar hulle die inhoud van die dramas en hulle eie evaluering en beplanning bespreek het.

Hierdie werkwyse is dikwels in die verlede deur die navorser met groepe gebruik. Daar is egter nie doelbewus beplan om dit ook met die kontrolegroep so te doen nie. (Daar is dus afgewyk van die navorsingsontwerp aangesien twee alternatiewe programme met mekaar vergelyk is. Die respondente se verwagtings vir die eksperiment het die navorser egter beïnvloed en daar is onbewustelik vanuit 'n professionele ingesteldheid gepoog om vir hulle die tweede beste te doen.)

#### **5.1.2.7 Mortaliteit**

Dit was moeilik om kontrole oor hierdie groot groep mans uit te oefen en 'n groot aantal het tydens die implementering van die program uitgeval. Ten einde die resultate van die voor- en natoetse met mekaar te kon vergelyk, kon slegs die data van 22 respondente in die kontrolegroep en 18 in die eksperimentele groep benut word. Die mortaliteitsyfer vir die eksperimentele groep is 62 % en dié vir die kontrolegroep 31 %. Aangesien die mortaliteitsyfer meer as 5 % is, beteken dit dat die eksperimentele ontwerp nie langer effektief vir die beheer van interne

geldigheidsfaktore is nie. Die ewekansige toewysingsprosedure is nie meer toeval-  
lig nie, en daar is 'n moontlikheid van seleksiesydigheid (vgl. Campbell & Stanley  
1963:15-16).

### **5.1.3 Gevolgtrekking**

Daar is slegs met die superintendent van die spesifieke afdeling van die rehabi-  
tasiesentrum onderhandel oor implementering en evaluering van die program.  
Beter samewerking sou moontlik verkry kon word indien daar ook met die  
betrokke maatskaplike werkers geskakel is.

Die ewekansige toewysing van respondente was nie in hierdie spesifieke opset  
uitvoerbaar nie aangesien daar so 'n groot mate van weerstand by die inwoners  
van die sentrum aanwesig was. Indien die groepe vooraf verdeel is en nie tydens  
die eksperiment met mekaar kontak gehad het nie, sou die weerstand moontlik nie  
so 'n ernstige probleem gewees het nie.

Die programaanbieders was nie volledig opgelei om die program behoorlik te  
implementeer nie. Weens verskeie faktore was dit ook nie moontlik om al die  
elemente van die program te implementeer nie.

Die kontrolegroep het hulleself as die "bevoorregtes" van die eksperiment beleef.  
Hulle het die programaktiwiteite wat vir hulle aangebied is, baie geniet en sinvol  
beleef.

Gelykstelling van behandeling deur kompensasie het in 'n redelike mate plaas-  
gevind. Die verwagtinge van die kontrolegroep dat hulle gehelp gaan word, het  
tot gevolg gehad dat die navorser in plaas van hulle slegs besig te hou, gepoog  
het om hulle wel te help. Die eksperiment het dus, sonder dat dit spesifiek so  
beplan is, ontwikkel as een waar daar 'n vergelyking tussen twee programme  
gemaak is eerder as een waar die eksperimentele program met geen program ver-  
gelyk word nie.

Die implementeringsfoute wat gemaak is kan toegeskryf word aan gebrekkige  
kennis van die ekologie van die leweringstelsel (Rutman 1984:80; Rossi &  
Freeman 1989:197), en die navorser se onervarenheid in die metodologie van  
eksperimentele navorsing.

## **5.2 DOELWIT 2 - Uitkomsevaluering**

Die doelstelling van die uitkomsevaluering is om die resultate van programimplementering te assesser sodat vasgestel kan word of die programdoelstelling suksesvol bereik is.

### **5.2.1 Hipotesestelling**

Die oorkoepelende navorsingshipotese is dat die interaktiewe videoprogramreeks - "Sukses met PROSES" die maatskaplike funksionering van deelnemers sal bevorder. Die navorsingshipotese kan aanvaar word indien die volgende gemeet word:

- (1) vermeerdering van satisfaksie;
- (2) vermindering van frustrasie;
- (3) verbetering van globale lewenspersepsie;
- (4) vermeerdering van kennis ten opsigte van maatskaplike funksionering;
- (5) verbetering van houding ten opsigte van eie selfagting;
- (6) verbetering van houding ten opsigte van eie portuurgroepverhoudings; en
- (7) ontwikkeling van vaardighede in doelwitstelling en doelwitbereiking.

### **5.2.2 Hipotesetoetsing**

Om vas te stel of daar na afloop van die program 'n statisties beduidende verbetering by die respondente ten opsigte van die verskillende afhanklike veranderlikes was, is sowel die Hotelling  $T^2$  as Student se T-toetse gebruik.

#### **5.2.2.1 Kwantitatiewe data**

Die bevindings, soos in Tabel 5.1 aangetoon, word kortliks bespreek.

- (1) Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die resultate van die voor-toetse by die eksperimentele en kontrolegroep nie. Daar kan dus aanvaar word dat die twee groepe ten opsigte van al die onafhanklike veranderlikes gelyk was voor die eksperiment.
- (2) Daar was op die 1 %-peil van betekenisvolheid 'n verskil tussen die saamgestelde tellings by die eksperimentele groep voor en na die aanbieding van die program. Daar was egter nie 'n betekenisvolle verandering ten opsigte van globale persepsie nie.
- (3) Die saamgestelde tellings van die voor- en nametings by die kontrolegroep, het geen beduidende verskil getoon nie. Ten opsigte van die veranderlikes afsonderlik was daar wel by frustrasie 'n betekenisvolle afname.
- (4) Daar was op die 1 %-peil van betekenis 'n beduidende verskil tussen die saamgestelde natoetstellings van die eksperimentele groep en dié van die kontrolegroep. Wanneer na die veranderlikes afsonderlik gekyk word, blyk dit egter dat daar slegs by kennis 'n betekenisvolle verandering op die 1 %-peil van betekenis was.

**TABEL 5.1: SAMEVATTING VAN KWANTITATIEWE DATA****(1) DIE KONTROLEVOORTOETS vs. EKSPERIMENTELE VOORTOETS**

| Hotelling T <sup>2</sup> | F-waarde | G.V.V.      | P-waarde |
|--------------------------|----------|-------------|----------|
| 8,9270                   | 1,2905   | 6,0 en 32,7 | 0,2889   |

| Veranderlike  | Groep | N  | X       | S-waarde | T-waarde | P-waarde | G.V.V. |
|---------------|-------|----|---------|----------|----------|----------|--------|
| Satisfaksie   | E     | 18 | 65,3889 | 16,5570  | 0,03     | 0,9742   | 34,0   |
|               | K     | 22 | 65,2273 | 14,4022  |          |          |        |
| Frustrasie    | E     | 18 | 35,4444 | 17,0198  | 0,00     | 0,9985   | 38,0   |
|               | K     | 22 | 35,4545 | 16,3233  |          |          |        |
| Persepsie     | E     | 18 | 4,6667  | 23,9141  | -0,39    | 0,6973   | 26,5   |
|               | K     | 22 | 7,1905  | 14,0770  |          |          |        |
| Kennis        | E     | 18 | 14,6111 | 2,8313   | 1,92     | 0,0634   | 34,8   |
|               | K     | 22 | 12,9545 | 2,5723   |          |          |        |
| Selfagting    | E     | 18 | 40,9444 | 13,6359  | 1,29     | 0,2077   | 30,2   |
|               | K     | 22 | 36,0000 | 9,8609   |          |          |        |
| Portuur-groep | E     | 18 | 35,3333 | 14,2127  | 1,13     | 0,2678   | 35,2   |
|               | K     | 22 | 30,4091 | 13,1897  |          |          |        |

E: Eksperimentele groep  
 K: Kontrolegroep  
 X: Gemiddelde tellings  
 S: Standaardafwyking  
 G.V.V. Grade van vryheid

**(2) DIE EKSPERIMENTELE VOORTOETS vs. NATOETS**

| Hotelling T <sup>2</sup> | F-waarde | G.V.V.      | P-waarde |
|--------------------------|----------|-------------|----------|
| 74,8475                  | 8,8056   | 6,0 en 12,0 | 0,0008** |

| Veranderlike | X v-n   | S-waarde | T-waarde | P-waarde | G.V.V. |
|--------------|---------|----------|----------|----------|--------|
| Satisfaksie  | -4,4444 | 7,2617   | -2,60    | 0,0188*  | 17     |
| Frustrasie   | 7,7778  | 16,2682  | 2,03     | 0,0585   | 17     |
| Persepsie    | 0,3889  | 12,9576  | 0,13     | 0,9002   | 17     |
| Kennis       | -1,8333 | 2,3073   | -3,37    | 0,0036** | 17     |
| Selfagting   | 9,8889  | 9,6277   | 4,36     | 0,0004** | 17     |
| Portuurgroep | 6,6111  | 8,2329   | 3,41     | 0,0034** | 17     |

X v-n : Gemiddelde van verskille tussen voor- en natoetstellings

\* : Beduidend op die 5 %-peil van betekenis

\*\* : Beduidend op die 1 %-peil van betekenis

**(3) DIE KONTROLEVOORTOETS vs. NATOETS**

| Hotelling T <sup>2</sup> | F-waarde | G.V.V.      | P-waarde |
|--------------------------|----------|-------------|----------|
| 9,7185                   | 1,2286   | 6,0 en 15,7 | 0,3436   |

| Veranderlike | X v-n   | S-waarde | T-waarde | P-waarde | G.V.V. |
|--------------|---------|----------|----------|----------|--------|
| Satisfaksie  | -0,6818 | 10,4078  | -0,31    | 0,7617   | 21     |
| Frustrasie   | 5,0000  | 9,6856   | 2,42     | 0,0246*  | 21     |
| Persepsie    | -1,9524 | 10,5332  | -0,85    | 0,4057   | 20     |
| Kennis       | -0,1364 | 2,0070   | -0,32    | 0,7531   | 21     |
| Selfagting   | 1,3182  | 7,7729   | 0,80     | 0,4353   | 21     |
| Portuurgroep | -0,4545 | 8,7925   | -0,24    | 0,8108   | 21     |

(4) **DIE KONTROLEVOORTOETS vs. EKSPERIMENTELE NATOETS**

| Hotelling T <sup>2</sup> | F-waarde | G.V.V.      | P-waarde |
|--------------------------|----------|-------------|----------|
| 23,1164                  | 3,3458   | 6,0 en 33,0 | 0,0110** |

| Veranderlike  | Groep | N  | X       | S-waarde | T-waarde | P-waarde | G.V.V. |
|---------------|-------|----|---------|----------|----------|----------|--------|
| Satisfaksie   | E     | 18 | 69,8333 | 17,7009  | 0,74     | 0,4663   | 38     |
|               | K     | 22 | 65,9091 | 15,9938  |          |          |        |
| Frustrasie    | E     | 18 | 27,6667 | 13,3725  | 0,57     | 0,5703   | 38     |
|               | K     | 22 | 30,4545 | 16,7296  |          |          |        |
| Persepsie     | E     | 18 | 4,2778  | 22,4311  | -0,89    | 0,3809   | 38     |
|               | K     | 22 | 9,2727  | 12,7024  |          |          |        |
| Kennis        | E     | 18 | 16,4444 | 2,5257   | 4,23     | 0,0001** | 38     |
|               | K     | 22 | 13,0909 | 2,4671   |          |          |        |
| Selfagting    | E     | 18 | 31,0566 | 14,5702  | -0,95    | 0,3499   | 38     |
|               | K     | 22 | 34,6818 | 9,5438   |          |          |        |
| Portuur-groep | E     | 18 | 28,7222 | 16,4131  | -0,41    | 0,6832   | 38     |
|               | K     | 22 | 30,8636 | 16,3628  |          |          |        |

(5) **DIE EKSPERIMENTELE vs. KONTROLE VOOR- EN NATOETS**

| Hotelling T <sup>2</sup> | F-waarde | G.V.V.      | P-waarde |
|--------------------------|----------|-------------|----------|
| 21,6003                  | 3,1226   | 6,0 en 32,7 | 0,0157*  |

| Veranderlike  | Groep | N  | X       | S-waarde | T-waarde | P-waarde | G.V.V. |
|---------------|-------|----|---------|----------|----------|----------|--------|
| Satisfaksie   | E     | 18 | -4,4444 | 7,2617   | -1,30    | 0,2028   | 38     |
|               | K     | 22 | -0,6818 | 10,4078  |          |          |        |
| Frustrasie    | E     | 18 | 7,7778  | 16,2682  | 0,67     | 0,5070   | 38     |
|               | K     | 22 | 5,0000  | 9,6855   |          |          |        |
| Persepsie     | E     | 18 | 0,3889  | 12,9576  | 0,62     | 0,5374   | 38     |
|               | K     | 22 | -1,9524 | 10,5332  |          |          |        |
| Kennis        | E     | 18 | -1,8333 | 2,3073   | -2,49    | 0,0174*  | 38     |
|               | K     | 22 | -0,1364 | 2,0070   |          |          |        |
| Selfagting    | E     | 18 | 9,8889  | 9,6277   | 3,12     | 0,0035** | 38     |
|               | K     | 22 | 1,3182  | 7,7729   |          |          |        |
| Portuur-groep | E     | 18 | 6,6111  | 8,2329   | 2,60     | 0,0132*  | 38     |
|               | K     | 22 | -0,4545 | 8,7925   |          |          |        |

- (5) Die vergelyking van die verskil tussen verskille van die voor- en natoets-tellings van die eksperimentele en kontrolegroep het 'n betekenisvolle verskil op die 5 %-peil aangedui. By die veranderlikes afsonderlik was daar egter geen betekenisvolle verskil ten opsigte van satisfaksie, frustrasie en globale persepsie nie. Verskeie faktore kon hiertoe aanleiding gegee het soos onder andere dat respondente nie kans gehad het om hul nuwe kennis en vaardighede te gebruik en om die resultaat van verbeterde maatskaplike funksionering te ervaar nie.

Daar kan volgens hierdie resultate aanvaar word dat die program wel die verlangde effek gehad het. Daar het egter ook by die kontrolegroep 'n redelike mate van vordering ten opsigte van die verskillende veranderlikes plaasgevind. Hierdie verandering kan aan verskillende moontlikhede toegeskryf word:



- (1) Die alternatiewe program wat hulle in plaas van geen program ontvang het.
- (2) Die respondente kon moontlik die kontrolegroep as die "bevoorregte groep" gesien het, aangesien die eksperimentele groep deurentyd hard moes werk terwyl die kontrolegroep vermaak is.
- (3) Die respondente kon die navorser moontlik as die deskundige en die leier van die projek gesien het aangesien sy tydens die aanbieding van die program die leiding geneem het. Navorsing wat in 1953 deur Hovland, Janis en Kelly (*in* Cohen 1964:29) gedoen is, toon dat 'n verskil in die geloofwaardigheid en status van aanbieders (kommunikators) 'n verskil in houdingsverandering meebring.

### 5.2.2.2 Kwalitatiewe data

Kwalitatiewe data kan bydra tot die evaluering van die uitkomst van 'n program. Data wat van die aanbieders van, en die deelnemers aan die program verkry word, dra by om die bestendigheid en teenstrydighede van doelbereiking te bepaal (vgl. Tripodi 1983a:150).

Evalueringdata is verkry met behulp van 'n evalueringsvraelys wat na die afloop van die program deur die aanbieders sowel as die deelnemers ingevul is.

#### ▪ Evaluering van programaanbieders

Die volgende aspekte het in die evaluering van die programaanbieders na vore gekom:

- Dit sou nie moontlik wees om die program sonder die videomateriaal aan te bied nie.
- Elkeen van die video programme het 'n spesifieke bydrae tot die bereiking van programdoelwitte gemaak.
- Sekere kognitiewe tegnieke is steeds vaag en moet verder toegelig word.
- Behalwe vir een persoon was die Christelike fundering van die program 'n bate.
- Daar was nie genoeg tyd om die program behoorlik aan te bied nie.
- Groeplede se konsentrasievermoë is beperk en hulle kon nie altyd byhou nie.
- Daar moet groter homogeniteit wees tussen groeplede se verstandelike vermoëns aangesien sommige groeplede geïrriteerd raak as daar stilgestaan moet word by aspekte wat ander lede nie verstaan nie.

## ▪ **Evaluering van programdeelnemers**

Slegs 'n paar van die belangrikste bevindings van die evaluering van programdeelnemers word genoem:

- Afgesien van enkele deelnemers was die programinhoud vir die meeste persone verstaanbaar.
- Geen beswaar is ten opsigte van die Christelike fundering van die program gemaak nie.
- Veral die gevallestudies het deelnemers aangespreek.
- Lede van die kontrolegroep het die videodramas wat aan hulle vertoon is en die groepbesprekings daarna sinvol beleef.
- Daar is gevra dat soortgelyke programme gereeld aangebied word.

Vervolgens 'n paar opmerkings van deelnemers op die vraag wat vir hulle die belangrikste was:

- "My kans op sukses word verbeter deur doelbewuste denke en optrede."
- "Om sake vanuit verskillende gesigshoeke te benader en nie slegs my eie kant van die saak te sien nie."
- "Om doelgerig op te tree en produktiewe selfspraak toe te pas." (Verskillende persone het 'n soortgelyke opmerking gemaak.)

### **5.2.3 Gevolgtrekking**

Die kwalitatiewe data bevestig bevindings van die kwantitatiewe data, naamlik dat die program belowende moontlikhede inhou om die maatskaplike funksionering van deelnemers te bevorder.

## **II TWEDE IMPLEMENTERING**

Met die tweede evaluering is gepoog om implementeringsfoute uit te skakel en die eksperimentele metodologie te verbeter sodat die uitkomst van die program geldiger en veralgemeenbaar kan wees.

### **5.3 DOELWIT 1 - Implementeringsmonitering**

Tussentredende veranderlikes wat by die implementering van die program 'n invloed gehad het word hier bespreek.

#### **5.3.1 Organisering vir programaanbieding**

Reëlins is getref om die tweede evaluering van die program weer by dieselfde staatsrehabilitasiesentrum vir chemiese afhanklikes aan te bied.

##### **5.3.1.1 Skakeling met personeel**

Hoewel die reëlins vir die tweede aanbieding weer met die superintendent getref is, is daar ook met die maatskaplike werkers, uit wie se gevalleladings die respondente geselekteer sou word, geskakel. Die maatskaplike werkers het groter belangstelling in die aanbieding getoon en het ook moontlike probleemareas voorsien. Dit het duidelik geword hoe belangrik dit is dat daar ook skakeling sal wees met die lynwerkers wat by die uitvoering van reëlins betrokke is.

##### **5.3.1.2 Seleksie van proefpersone en steekproeftrekking**

Aangesien die hoë mortaliteitsyfer tydens die eerste evaluering een van die grootste probleme was, is besluit dat slegs persone wat bereid was om vrywillig by die program in te skakel, by die tweede evaluering gebruik sou word. Vyftien mans het belang gestel om die program te deurloop en hulle het gewissel tussen 28 en 49 jaar, met 'n gemiddelde ouderdom van 34 jaar. Opvoedkundige kwalifikasie het gewissel van st. 7 tot 'n graadkwalifikasie.

##### **5.3.1.3 Navorsingsontwerp**

In maatskaplikewerk-praktyk is die hoë uitvalsyfer van kliënte in programme 'n realiteit. Aangesien die voordele van ewekansige toewysingsprosedures verlore gaan as die mortaliteitsyfer hoog is, kan 'n nie-ewekansige ontwerp, waar voorsiening gemaak word om te voorkom dat interne geldigheid bedreig word, eerder gebruik word.

Die navorsingsontwerp wat met hierdie evaluering gebruik is, is aangepas van 'n ontwerp wat deur Tuckman en Waheed (1985) aanbeveel word wanneer daar met klein groepe respondente gewerk word. In hierdie ontwerp word die respondente as hulle eie kontrolegroep gebruik. Om aan te toon dat die verandering wat mag plaasvind, aan die program toegeskryf kan word, word drie metings gedoen. Die eerste twee metings word gedoen om aan te toon dat daar voordat die program

aangebied is geen verskil ten opsigte van die afhanklike veranderlikes gemeet kon word nie. Daar is verwag dat daar in die verloop van een week geen verandering sou plaasvind nie. Resultate van die eerste twee metings in die kontrolesituasie behoort aan te toon dat daar geen betekenisvolle verandering was nie en die nulhipotese dus nie verwerp sal word nie. Die derde meting word gedoen om te bepaal of daar wel na die aanbieding van die program 'n verbetering ten opsigte van die afhanklike veranderlikes gemeet kan word.

Aangesien daar nie 'n kontrole- of vergelykingsgroep is nie, is seleksiesydigheid en mortaliteit nie relevant nie. Rypwording kan nie 'n effek hê nie, aangesien die duur van die program en assessering kort is en daar nie noemenswaardige veranderinge kan plaasvind nie. Faktore wat interne geldigheid bedreig as gevolg van ewekansige toewysing, word by hierdie ontwerp uitgeskakel.

### **5.3.2 Insameling van evalueringsdata**

Die 15 persone wat gewillig was om deel te neem aan die program is deur hulle maatskaplike werkers aan die navorser bekend gestel. Die doelstellings van die program en prosedure wat met die assessering en die aanbieding van die program gevolg sou word, is deur die navorser met die groep bespreek. Die eerste meting is tydens hierdie sessie geneem en die tweede meting 'n week daarna. Aanbieding van die program het die dag nadat die tweede meting geneem is, begin.

Vervolgens word die tussentredende veranderlikes wat tydens die aanbieding van die program 'n invloed gehad het, bespreek.

#### **5.3.2.1 Bywoning**

Daar is geen probleme met bywoning van die program ondervind nie, maar twee persone het aan die begin van die program uitgeval aangesien hulle skofte moes werk. 'n Derde persoon het teen die einde van die program uitgeval omdat hy as gevolg van 'n taalprobleem nie in staat was om die skriftelike oefeninge te doen nie.

#### **5.3.2.2 Motivering van deelnemers**

Die deelnemers se motivering en betrokkenheid was deurgaans hoog. Dit was nooit nodig om enige iemand te soek nie en deelnemers wat om een of ander rede iewers heen moes gaan, was dadelik bereid om ander reëlings te tref. Hierdie verandering in gesindheid word grootliks toegeskryf aan die feit dat hulle deelname vrywillig was en dit verskeie kere aan hulle uitgewys is.

### **5.3.2.3 Implementering van progamelemente**

Die totale tyd wat aan die assessering en programimplementering bestee is, was soos met die eerste implementering 15 uur, maar is oor ses in plaas van vier dae aangebied. Hierdie tyd was heeltemal voldoende en al die programaktiwiteite is volgens skedule voltooi. Geen probleme is met enige van die programaktiwiteite ondervind nie. Die groep het die oefening oor lewensreëls goed verstaan en dit as waardevol beleef.

### **5.3.2.4 Assessering**

Voorsorg is getref dat slegs die toepaslike afdelings van die Heimlerskaal wat deur elke respondent voltooi moes word, aan hulle uitgedeel is. Dit het die prosedure aansienlik vergemaklik en bygedra tot volledige voltooiing.

Die eerste twee metings (kontrolesituasie) is met 'n tussenpose van een week voor die aanbieding van die program gedoen, en die derde meting (eksperimentele situasie) direk nadat die program afgehandel is.

Met die assessering het een persoon uitgeval omdat hy nagskof moes werk. Moontlik was hy ook nie gemotiveerd genoeg om ander reëlings te tref nie. Twee ander persone het tydens die aanbieding uitgeval weens werksverpligtinge en probleme om die videoprogramme te verstaan. Die mortaliteitsyfer is dus 20 %. Aangesien elke respondent ook sy eie kontrole in hierdie eksperiment was, kon mortaliteit nie die eksperiment beïnvloed nie (vgl. Tuckman & Waheed 1985:254).

## **5.4 DOELWIT 2 - Uitkomsevaluering**

### **5.4.1 Hipotesestelling**

Dieselfde oorkoepelende hipotese en meting van afhanklike veranderlikes is met die tweede evaluering behou (kyk Paragraaf 5.2.1 vir 'n volledige bespreking).

### **5.4.2 Hipotesetoetsing**

Die navorsingsontwerp wat vir die insameling van evalueringsdata tydens die tweede evaluering gebruik is, impliseer die toetsing van die volgende hipoteses: eerste meting versus tweede meting van die kontrolesituasie; en eerste meting versus derde meting van die eksperimentele situasie.

Met die toetsing van die resultate ten opsigte van die eksperimentele situasie kon die tweede en derde meting ook vergelyk word, of die gemiddelde tussen die eerste en tweede meting kon as 'n basislynmeting geneem word. Daar is egter besluit om die eerste meting te neem om die waarskynlikheid van kontaminasie van meetinstrument-sensitisering te beperk. Indien daar geen verandering tussen die eerste twee metings plaasvind nie, is die eerste meting van die kontrolesituasie steeds geldig en kan dit in die hipotesetoetsing gebruik word.

Om vas te stel of die verandering wat gemeet word statisties beduidend is, word die teken-rangordetoets of simmetrietoets (Steyn, Smit & Du Toit 1981:316) met gepaarde waarnemings as statistiese tegniek gebruik. Hierdie toets behels 'n nie-parametriese benadering waar die omvang sowel as die rigting van die verandering ten opsigte van elke paar waardes in ag geneem word. Die graad van verandering word dus in berekening gebring en 'n groter gewig word toegeken aan 'n telling wat 'n groot verskil aantoon as aan die een met 'n kleiner verskil (vgl. Krishef 1987:216).

Om te kompenseer vir die effek van veelvuldige toetsing op 'n klein steekproef, is besluit om vir hierdie hipotesetoetsing 'n 1 %-peil as statisties beduidend te aanvaar. Vir die vergelyking van die twee vooraf-(kontrole-)metings word daar tweekantig vir 'n betekenisvolle verskil getoets, maar vir die eksperimentele situasie (verskil tussen eerste en derde metings) word eenkantig, naamlik slegs vir 'n betekenisvolle verbetering, getoets (en nie net vir 'n betekenisvolle verskil tussen die twee metings nie).

Bevindings van die hipotesetoetsing en statistiese analise word vervolgens aangebied.

#### **5.4.2.1 Kwantitatiewe data**

##### **1. Eerste meting versus tweede meting (kontrolesituasie)**

**Ho:** Daar sal geen verskil tussen die gemiddelde tellings van al ses veranderlikes wees nie.

**Ha:** Daar sal wel 'n verskil wees.

Soos verwag, was daar nie 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde van die eerste en tweede metings van die kontrolesituasie ten opsigte van al ses ver-

anderlikes nie. Daar kan aanvaar word dat daar geen verandering plaasgevind het voordat die program aangebied is nie en dat die eerste meting steeds geldig is. Die nulhipotese word nie verwerp nie.

2. Eerste meting versus derde meting (eksperimentele situasie)

Ho: Daar sal geen verskil tussen die gemiddelde tellings van al ses die veranderlikes wees nie.

Ha: Daar sal wel 'n verskil, naamlik 'n verbetering, wees. Hierdie verbetering sal aan die programaanbieding toegeskryf kan word.

Soos verwag, was daar 'n beduidende verbetering tussen die eerste en derde meting by die eksperimentele situasie. Die nulhipotese word dus verwerp. Die resultate word in Tabel 5.2 aangetoon.

**TABEL 5.2: TEKEN-RANGORDETOETSE VIR DIE VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS**

| Veranderlike  | Situasie | N  | Verskil tussen gemiddeldes | Standaard-afwyking | S-waarde | P-waarde   |
|---------------|----------|----|----------------------------|--------------------|----------|------------|
| Satisfaksie   | K 1-2    | 12 | 3,500                      | 8,5120             | 16,5     | 0,208549   |
|               | E 1-3    | 12 | - 6,250                    | 7,3747             | - 30,0   | 0,010038*  |
| Frustrasie    | K 1-2    | 12 | 1,833                      | 25,3658            | 9,5      | 0,480008   |
|               | E 1-3    | 12 | 23,000                     | 22,1401            | 36,0     | 0,002669** |
| Persepsie     | K 1-2    | 12 | - 8,000                    | 9,68598            | - 25,0   | 0,028744   |
|               | E 1-3    | 12 | -16,333                    | 7,37471            | - 39,0   | 0,001258** |
| Kennis        | K 1-2    | 12 | 0,083                      | 1,56428            | 2,0      | 0,795883   |
|               | E 1-3    | 12 | - 4,416                    | 2,27470            | - 39,0   | 0,001219** |
| Selfagting    | K 1-2    | 12 | 6,083                      | 9,88533            | 26,0     | 0,045044   |
|               | E 1-3    | 12 | 20,250                     | 14,13010           | 39,0     | 0,001258** |
| Portuur-groep | K 1-2    | 12 | - 5,417                    | 8,50089            | - 21,5   | 0,061755   |
|               | E 1-3    | 12 | 6,167                      | 6,56206            | 29,0     | 0,005578** |

K Kontrolesituasie  
 E Eksperimentele situasie  
 \*  $p < 0,01$  (grens)  
 \*\*  $p < 0,01$

Die resultate soos aangetoon in Tabel 5.2 word ten opsigte van elke veranderlike afsonderlik bespreek.

#### **(1) Satisfaksie**

Nadat die program aangebied is, het die satisfaksiepeil van die groep verhoog tot 'n vlak wat grens aan bogemiddelde satisfaksie. Hierdie verbetering is op die grens van die 1 %-peil van betekenisvolheid. Figuur 5.1 toon dat die satisfaksiepeil van die respondente aanvanklik reeds gegrens het aan die peil van satisfaksie wat deur die meeste mense ervaar word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat hierdie persone in 'n beskermende opset gehuisves word waar hulle ten spyte van hulle verpligte aanhouding bevredigende lewensomstandighede ervaar. Verder dui hierdie peil van satisfaksie ook nie noodwendig daarop dat hulle onafhanklik kan funksioneer nie omdat die frustrasie wat tydens hierdie geleentheid gemeet is, besonder hoog was.

#### **(2) Frustrasie**

Tabel 5.2 toon 'n statisties beduidende verbetering op die 1 %-peil van betekenis nadat die program aangebied is. 'n Besonder hoë mate van frustrasie was tydens die eerste en tweede meting aanwesig (kyk Figuur 5.2). Nadat die program aangebied is, het die frustrasievlak egter tot 'n peil wat vir optimale funksionering bevorderlik is, verbeter (afgeneem).

#### **(3) Globale lewenspersepsie**

Tabel 5.2 toon dat die verandering tussen die eerste twee metings nie statisties beduidend is nie. Die verbetering wat na die aanbieding van die program plaasgevind het, is wel statisties beduidend op die 1 %-peil van betekenis (kyk Figuur 5.3). Die groep se gemiddelde telling het met die eerste meting 'n realistiese persepsie getoon, hoewel aan die pessimistiese kant van die skaal, teenoor die tweede meting wat verander het na 'n effens optimistiese siening. Nadat die program aangebied is, het die globale persepsie verander na 'n peil wat optimisties is, maar die grens van realisme met een punt oorskry.


#### **(4) Kennis ten opsigte van produktiewe selfspraak**

Soos aangedui in Figuur 5.4 was daar geen kennistoename tussen die twee metings van die kontrolesituasie nie. Die kennistoename na die aanbieding van die program kan dus uitsluitlik as 'n effek van die program gesien word. Hierdie verbetering is betekenisvol op 'n 1 %-peil, soos in Tabel 5.2 aangetoon.



**FIGUUR 5.1: VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS T.O.V. SATISFAKSIE**

**SATISFAKSIESKAAL**




**K = KONTROLESITUASIE**

**E = EKSPERIMENTELE SITUASIE**

**M = METING**

**FIGUUR 5.2: VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS T.O.V. FRUSTRASIE**

**FRUSTRASIESKAAL**




**K = KONTROLESITUASIE**

**E = EKSPERIMENTELE SITUASIE**

**M = METING**

**FIGUUR 5.3: VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS T.O.V. PERSEPSIE**


**GLOBALE PERSEPSIESKAAL**



**K = KONTROLESITUASIE**  
**E = EKSPERIMENTELE SITUASIE**  
**M = METING**

**FIGUUR 5.4: VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS T.O.V. KENNIS**

**KENNISSKAAL**



**K = KONTROLESITUASIE**

**E = EKSPERIMENTELE SITUASIE**

**M = METING**

### **(5) Selfagting**

Figuur 5.5 toon dat daar 'n geringe verbetering in die groep se selfagting tussen die eerste twee metings was. Na die aanbieding van die program het die groepslede se selfagting egter van baie swak tot baie goed verbeter. Hierdie verbetering is statisties beduidend op die 1 %-peil van betekenis, soos aangedui in Tabel 5.2.

### **(6) Portuurgroepverhoudings**

Die groep se siening van hulle portuurgroepverhoudings het tussen die eerste en tweede meting versleg (soos aangetoon in Figuur 5.6). Beide metings is egter binne die perk van "redelik". Na die aanbieding van die program het hul houding na "baie goed" verbeter. Hierdie verbetering is betekenisvol op 'n 1 %-peil, soos in Tabel 5.2 aangetoon.

#### **■ Samevatting van resultate**

Die navorsingshipotese word aanvaar aangesien die volgende statisties betekenisvolle (op 1 %-vlak) verbeterings gemeet is:

- 'n Verhoging van satisfaksie (grens op die 1 %-peil);
- 'n verlaging van frustrasie;
- 'n verbetering van globale lewenspersepsie;
- 'n vermeerdering van kennis;
- 'n verbetering van selfagting; en
- 'n verbetering in houding ten opsigte van portuurgroepverhoudinge.


#### **■ Gevolgtrekking**

Die resultate toon aan dat die programdoelstellings wel bereik kon word. Aangesien daar met die ontwerp en die uitvoering van die eksperiment voorsorg getref is dat faktore wat interne geldigheid bedreig, bekamp word, kan daar aanvaar word dat die program wel onder soortgelyke omstandighede suksesvol aangebied kon word. Om hierdie resultate te kan behaal, sal dit nodig wees dat

- (1) die deelname aan die program vrywillig sal wees;
- (2) die aanbieders van die program deeglik opgelei en gemotiveerd sal wees;
- (3) die program volledig aangebied sal word en daar rekening gehou sal word met die konsentrasievermoë en die tempo wat deelnemers kan handhaaf; en
- (4) assessering, en terugvoering ten opsigte van die assessering, deel van die program uitmaak.

**FIGUUR 5.5: VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS T.O.V. SELFAGTING**

**SELFAGTINGSKAAL**




**K = KONTROLESITUASIE**

**E = EKSPERIMENTELE SITUASIE**

**M = METING**

**FIGUUR 5.6: VERSKIL TUSSEN GEMIDDELDE TELLINGS  
T.O.V. PORTUURGROEPVERHOUDINGS**

**PORTUURGROEP-SKAAL**



**K = KONTROLE SITUASIE**

**E = EKSPERIMENTELE SITUASIE**

**M = METING**

#### **5.4.2.2 Kwalitatiewe data**

'n Selfopgestelde skaal is gebruik vir die beoordeling van vaardighede in die formulering van 'n doelstelling en beplanning vir doelbereiking. Die volgende dimensies is beoordeel: realistiese en konkrete formulering van 'n doelstelling; die verdeling daarvan in spesifieke doelwitte, en die verdeling van doelwitte in stappe.

Tussen die eerste twee beoordelings van die kontrolesituasie het die groep se ontwikkeling volgens die skaal met 8 % toegeneem en nadat die eksperiment aangebied is, het dit met 68 % toegeneem.

##### **▪ Evaluering van programaanbieders**

Met die tweede aanbieding het die navorser self die program aangebied. Bevindings wat met die eerste evaluering gemaak is, is bevestig en die volgende addisionele bevindings is gemaak:

- Dit was nodig om sekere segmente van die video-programme weer te vertoon, omdat van die deelnemers dit nie met die eerste vertoning goed genoeg verstaan het nie.
- Deelnemers het geen probleme ondervind om die inhoud van die program te verstaan nie. Al die skriftelike oefeninge is volledig en sonder moeite gedoen.
- Die Christelike fundering van die program was vir die meeste deelnemers 'n bate. Nie een van die deelnemers het beswaar gemaak nie hoewel die moontlikheid dat mense ook ander lewensbeskouings kan hê, bespreek is.
- Daar was genoeg tyd om die program behoorlik aan te bied.
- Die korter daaglikse sessies het grootliks daartoe bygedra dat deelnemers se konsentrasie nie ooreis is nie en dat hulle met gemak kon byhou.

##### **▪ Evaluering van programdeelnemers**

Slegs 'n paar van die belangrikste bevindings word genoem:

- Deelnemers was deurgaans betrokke en het aktief deelgeneem aan die oefeninge wat gegee is. Betrokkenheid is waargeneem in die feit dat persone wat tydens die kursus iewers heen moes gaan, baie gou teruggekem het en dat hulle in die oggende reeds gereed was om te begin.
- Die programinhoud was vir al die deelnemers verstaanbaar.
- Deelnemers het nie (soos met die eerste evaluering) die suksesstories as die hoogtepunt van die reeks uitgesonder nie, maar het genoem dat die reeks as geheel vir hulle van waarde was.
- Daar is gevra dat soortgelyke programme gereeld aangebied moet word aangesien enigeen daarby kan baat.



- Terugvoering aan die deelnemers (oor die assessering) was vir hulle van groot waarde.

Deelnemers moes spesifieke dinge wat hulle geleer het, aantoon. Die volgende is 'n paar van die aspekte wat hulle uitgelig het:

- Om positief te wees en aan 'n positiewe lewensbeskouing te werk. Jy kan jou denke positief verander.
- Doelbereiking is moontlik deur doelstelling en doelwitbeplanning.
- Dit is nodig om van jouself te hou om 'n gesonde selfbeeld en verhoudings met ander te hê.
- Dit is moontlik om jou emosies deur selfinstruksies te beheer.
- Dit is belangrik dat jy 'n begeerte sal hê om te slaag en dat jy jouself kan motiveer.
- Dit is nodig om te beplan en hard daaraan te werk as jy besig is om werk te soek.
- Jy kan jou omstandighede verbeter deur daaraan te werk en te glo dat jy suksesvol kan wees.

#### **5.4.3 Gevolgtrekking**

Met die tweede evaluering is daar kwantitatief en kwalitatief getoon dat, indien die program reg geïmplementeer word, dit deelnemers se maatskaplike funksionering kan bevorder.

#### **5.5 Samevatting**

Tydens die evalueringsfase is die summatielike evaluering deur middel van twee afsonderlike programaanbiedings afgehandel. Met die eerste evaluering was dit nie moontlik om die program behoorlik te implementeer en te evalueer nie; gevolglik was die uitkoms daarvan nie 'n ware aanduiding van die effek nie. Die uitkomst is egter wel statisties ontleed, wat aangedui het dat die program die moontlikheid inhou om die gestelde doelstelling te bereik. Die kwalitatiewe data het aangetoon dat die program vir die deelnemers groot waarde ingehou het.

Met die tweede evaluering is die program volgens beplanning geïmplementeer en is 'n geslaagde eksperiment uitgevoer. Die uitkoms van die program kon statisties ontleed word en daar is vasgestel dat die gestelde doelstellings wel bereik kon word.

## **6. GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

- (1) Die doelstelling van die program, naamlik die bevordering van maatskaplike funksionering, die interaktiewe werkwyse daarvan en die feit dat deelnemers gehelp word om hulle eie doelstellings te bereik, verhoog die benuttingsmoontlikhede van die nuwe tegnologie. Daar is dus geslaag om 'n videoprogram daar te stel wat met verskillende teikengroepe gebruik kan word en wat ten opsigte van verskeie doelstellings aanpasbaar is. Volgens Roeske (1979:1391) behoort so 'n buigbaarheid die doelwit van enige opvoedkundige videoprogram te wees. Die deelnemers aan die program het hierdie "universaliteit" ervaar en daar is herhaaldelik aan die navorser gesê dat die program aan almal beskikbaar gestel moet word, aangesien enigeen daarby sal kan baat.
  
- (2) Om implementerings- en evalueringsfoute uit te skakel, is dit essensieel dat die navorser oor deeglike kennis van die ekologie van die leweringstelsel beskik. Dit is belangrik dat die formatiewe en summatiewe evaluering van 'n program met dieselfde leweringstelsel gedoen word. Sodoende kan die beste navorsingsontwerp vir die spesifieke omstandighede van die leweringstelsel gevind word. In dié verband sê Mark en Cook (1984:80): "The summative use of experiments and strong quasi-experiments depends on extensive prior knowledge, including knowledge that the treatment is well developed and (will be) implemented as planned, measures are well developed, and the ecology of the program setting is well understood."
  
- (3) Die navorser is van mening dat hoewel die gebruik van vrywilligers in eksperimentele navorsing moontlik die eksterne geldigheid van resultate bedreig, dit tog wenslik is om hulle te betrek. Maatskaplik-opvoedkundige programme kan slegs in die praktyk slaag indien die deelname vrywillig is. Die kwaliteite wat die vrywilliger van die nie-vrywilliger onderskei (vgl. Mouton & Marais 1988:118) stem ooreen met dié van eerste aanvaarders van innovasies (vgl. Rogers 1983:22). In sy/haar maatskaplike stelsel sal die vrywillige deelnemer aan eksperimentele navorsing as meningsvormer kan optree en deur informele kommunikasienetwerke verdere vrywillige deelname aan die program bevorder.

- (4) Die hoë uitvalsyfer van kliënte in programme wat oor meer as een sessie strek, is in die praktyk 'n realiteit. In sulke omstandighede en waar daar met klein groepies gewerk word, is dit beter om van kwasi-eksperimentele ontwerpe in streng gekontroleerde omstandighede gebruik te maak. Mark en Cook (1984:91) stel dit duidelik: "... many practical and ethical concerns affect the decision about when to randomize. The evaluator must be sensitive to the particular issues in the evaluation at hand, weigh the trade-offs, and select the option that seems best in that case."

So is die navorsingsontwerp vir die tweede evalueringsooging by die spesifieke omstandighede van die leweringstelsel aangepas. Die feit dat daar vooraf slegs twee metings (en nie 'n hele reeks herhaalde metings nie) gedoen is, kan as 'n leemte van die ontwerp gesien word. Die bedreiging van inisiële metingseffekte asook die demoraliserende implikasie van bloot herhaaldelik assesserings te doen sonder enige intervensie, kon egter nie dié werkwyse met hierdie spesifieke groep respondente regverdig nie.

- (5) Met die summatiewe evaluering van die program is daar in totaal slegs 24 persone as eksperimentele groep betrek en is dit nie moontlik om gevolgtrekkings oor die veralgemeenbaarheid van die resultate te maak nie. Die wyse waarop die navorsingsmetodiek beskryf is, maak die herhaalbaarheid van die evaluering egter moontlik. Indien hierdie evalueringsooging tydens die benuttingsfase herhaal word, sal die veralgemeenbaarheid van die navorsingsresultate verhoog kan word.

### **Slotopmerking**

Gedurende die ontwikkeling van hierdie tegnologie was die gedagte dat mense se lewens positief deur die program verander kan word, voortdurend vir die navorser 'n aansporing. Daarom word afgesluit met die woorde van een van die deelnemers aan die program: "Hierdie kursus het werklik my hele sienswyse en denkwyse dramaties verander. Met dank, Francois Terblanche".

## **BRONNELYS**

ARKOWITZ, H. & HANNAH, M.T. 1989. Cognitive, behavioral, and psychodynamic therapies: converging or diverging pathways to change? *In: Freeman, A. et al. (eds). Comprehensive handbook of cognitive therapy.* New York: Plenum Press.

ARWADY, J.W. & GAYESKI, D.M. 1989. *Using video: interactive and linear designs.* Englewood Cliffs: Educational Technology Publications.

BARBER, S.R., BAUKUS, R.A. & STRASSMAN, L. 1987. Video formats in employee evaluations of television presentations in the workplace. *International Journal of Instructional Media* 14(1):1-15.

BARR, T. 1982. *Acting for the camera.* Boston: Allyn & Bacon Inc.

BECK, A.T. & WEISHAAR, M. 1989. Cognitive therapy. *In: Freeman, A. et al. (eds). Comprehensive handbook of cognitive therapy.* New York: Plenum Press.

BERGER, M.M. 1978. *Videotape techniques in psychiatric training and treatment.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

BETTS, T. 1983. Developing a videotape library. *In: Dowrick, P.W. & Biggs, S.J. (eds). Using video: psychological and social applications.* New York: John Wiley & Sons.

BIGGS, S.J. 1983. Choosing to change in video feedback: On common-sense and the empiricist error. *In: Dowrick, P.W. & Biggs, S.J. (eds). Using video: psychological and social applications.* New York: John Wiley & Sons.

BLOOM, M. & FISHER, J. 1982. *Evaluating practice: guidelines for the accountable professional.* Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc.

BOHNE, H. 1986. *Cost justification for video programming.* E-ITV 18(9): 34-35.

BREDENKAMP, F.A. 1990. *Die benutting van rasioneel-emotiewe denkskoling in maatskaplike werk met kinders.* Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (M.A.-verhandeling).

BUITENDACH, J.M. 1990. *Die ontwikkeling en evaluering van 'n groepwerk-program in egskeidingsberaad*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (D.Phil.-proefskrif).

CAMPBELL, D.T. & STANLEY, J.C. 1963. *Experimental and quasi-experimental designs for research*. Boston: Houghton Mifflin Company.

CARKHUFF, R.R. 1974. *How to help yourself: the art of program development*. Amherst: Human Resource Developing Press.

CARROLL, S.J. & TOSI, H.L. 1973. *Management by objectives*. New York: MacMillan.

COHEN, A.R. 1964. *Attitude change and social influence*. New York: Basic Books Inc.

COMPESI, R.J. & SHERRIFFS, R.E. 1985. *Small format television production*. Boston: Allyn & Bacon Inc.

COOK, T.D. & CAMPBELL, D.T. 1979. *Quasi-experimentation: design & analysis issues for field settings*. Boston: Houghton Mifflin Company.

DE VOS, A.S. 1989. Hudsonskale. *Die Maatskaplikewerk-navorsers-praktisyn* 2(1): 17-18.

DE VOS, A.S. 1989. Programme, programontwikkeling en progamevaluering. *Maatskaplike Werk/Social Work* 25(2):111-121.

DIE MAATSKAPLIKEWERK-NAVORSER-PRAKTISYN. 1988. Behoeftebepalingsnavorsing - Deel 1. *Die Maatskaplikewerk-navorsers-praktisyn* 1(1):29-34.

DIE MAATSKAPLIKEWERK-NAVORSER-PRAKTISYN. 1988. Behoeftebepalingsnavorsing - Deel 2. *Die Maatskaplikewerk-navorsers-praktisyn* 1(2):43-48.

DOWRICK, P.W. 1983. Self-modelling. In: Dorrick, P.W. & Biggs, S.J. (eds). *Using video: psychological and social applications*. New York: John Wiley & Sons.

DOYLE, P.H. 1981. Behavior rehearsal to videotape simulations: applications, techniques and outcomes. *In: Fryrear, J.L. Videotherapy in mental health.* Illinois: Charles C. Thomas Publisher.

EDMONDS, R. 1984. *Scriptwriting for the audio-visual media.* New York: Teachers College Press.

FIELDS, D.N. 1978. Legal implications and complications: model forms for signed releases. *In: Berger, M.M. Videotape techniques in psychiatric training and treatment.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

FLOY, J.M. & CHERNELL, E. 1978. Television as a therapeutic tool. *In: Berger, M.M. Videotape techniques in psychiatric training and treatment.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

FROELICH, R.E. 1978. Learning via videotape simulation. *In: Berger, M.M. Videotape techniques in psychiatric training and treatment.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

FRYREAR, F.L. 1981. *Videotherapy in mental health.* Illinois: Charles C. Thomas Publisher.

GALAUN, Ç. 1979. *The acquisition of cognitive skills as a function of a television programme.* Johannesburg: University of the Witwatersrand (M.A. dissertation).

GAMBRILL, E. 1983. *Casework: a competency-based approach.* Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc.

GAYESKI, D.M. 1983. *Corporate and instructional video: design and production.* Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc.

GREGORIC, L. & GREGORIC, M. 1981. Sociodrama: video in social action. *In: Fryrear, J.L. Videotherapy in mental health.* Illinois: Charles C. Thomas Publisher.

GRINNELL, R.M. (Jr) 1981. *Social work research and evaluation.* Itasca: F.E. Peacock Publishers.

- HANDA, N. 1987. *Personal development: key to excellence*. Singapore: Chopmen Publishers.
- HATTINGH, H.C. 1984. *Beroepsdifferensiasie in maatskaplike werk: 'n beroepsleidingprogram vir hoërskoolleerlinge*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (M.A.-verhandeling).
- HATTINGH, H.C. 1989. *Die benutting van videotegnologie in maatskaplikewerk-hulpverlening*. Referaat gelewer by doktrale seminaar in Mei 1989. Departement Maatskaplike Werk, RAU.
- HATTINGH, H.C. 1990. *Effektiwiteit van 'n persoonlike ontwikkelingsprogram waarin 'n video-programreeks benut word*. Referaat gelewer by doktrale seminaar in November 1990. Departement Maatskaplike Werk, RAU.
- HEILVEIL, I. 1983. *Video in mental health practice: an activities handbook*. New York: Springer Publishing Company.
- HEIMLER, E. 1975. *Survival in society*. New York: John Wiley & Sons.
- HEPWORTH, D.H. & LARSEN, J.A. 1986. *Direct social work practice - theory and skills*. Chicago: Dorsey Press.
- HOSFORD, R.E. & MILLS, M.E. 1983. Video in social skills training. In: Dowrick, P.W. & Biggs, S.J. (eds). *Using video: psychological and social applications*. New York: John Wiley & Sons.
- HUMAN, H. 1989. *Kom ons skryf 'n draaiboek*. Pretoria: Serva-Uitgewers.
- HUNG, J.H. & ROSENTHAL, T.L. 1981. Therapeutic videotaped playback. In: Fryrear, J.L. *Videotherapy in mental health*. Illinois: Charles C. Thomas Publisher.
- HUYSAMEN, G.K. 1983. *Inferensiële statistiek en navorsingsontwerp: 'n inleiding*. Pretoria: Academica.
- JOHNSON, E. 1981. Invidious mirror? Ethical problems in the use of video-recording. In: Fryrear, J.L. *Videotherapy in mental health*. Illinois: Charles C. Thomas Publisher.

JOUBERT, E. 1976. *Die gebruik van 'n model by die oudio-visuele terugvoer in gesinsterapie*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat (M.A.-verhandeling).

KAPLAN, M.S. 1980. Evaluating parent education programs. *In: Fine, M.J. Handbook on parent education*. New York: Academic Press.

KATZ, D. 1975. Videotape programming for social agencies. *Social Casework* 56: 44-51.

KEMP, J.E. 1980. *Planning and producing audiovisual materials*. New York: Harper & Row.

KETTNER, P.M., MORONEY, R.M. & MARTIN, L.L. 1990. *Designing and managing programs: an effectiveness-based approach*. Newbury Park: Sage Publications.

KOLB, L.C. 1978. Preface to the first edition. *In: Berger, M.M. Videotape techniques in psychiatric training and treatment*. New York: Brunner/Mazel Publishers.

KOTZE, A.M.E. 1986. *Sosiale vaardighede in die behandeling van die alkohol-afhanklike persoon*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (M.A.-verhandeling).

KRISHEF, C.H. 1987. *Fundamental statistics for human services and social work*. Boston: Duxbury Press.

LANGLEY, M.J. 1983. *Assessment and treatment of interpersonal skill deficits*. Pretoria: University of South Africa (M.A. dissertation).

LAZARUS, H.R. & BIENLEIN, D.K. 1967. Soap opera therapy. *International Journal of Group Psychotherapy* 17:252-256.

LOCKE, E.A. & LATHAM, G.P. 1984. *Goal setting: a motivational technique that works!* Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc.

LOCKE, E.A. & LATHAM, G.P. 1990. *A theory of goal setting and task performance*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc.



MARK, M.M. & COOK, T.D. 1984. Design of randomized experiments and quasi-experiments. *In: Rutman, L. Evaluation research methods.* Beverly Hills: Sage Publications.

MAYADAS, N.S. & DUEHN, W.D. 1977. Stimulus-modeling (SM) videotape for marital counseling: method and application. *Journal of Marriage and Family Counseling* (3):35-42.

MAYADAS, N.S. & DUEHN, W.D. 1981. Stimulus-modeling methodology (SM): videotape formats in clinical practice and research. *In: Fryrear, J.L. Videotherapy in mental health.* Illinois: Charles C. Thomas Publisher.

MAYADAS, N.S. & DUEHN, W.D. 1986. Video stimulus-modelling methodology: a format for leadership training in social work with groups. *In: GLASSER, P.H. & MAYADAS, N.S. Group workers at work: theory and practice in the 80s.* New Jersey: Rowan & Littlefield.

MAYADAS, N.S. & O'BRIEN, D.E. 1978. The use of videotape in group psychotherapy. *In: Berger, M.M. Videotape techniques in psychiatric training and treatment.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

MAXWELL, G.M. & PRINGLE, J.K. 1983. The analysis of video records. *In: Dowrick, P.W. & Biggs, S.J. (eds). Using video: psychological and social applications.* New York: John Wiley & Sons.

McMULLIN, R.E. 1986. *Handbook of cognitive therapy techniques.* New York: W.W. Norton & Company.

MEICHENBAUM, D. 1977. *Cognitive-behavior modification: an integrative approach.* New York: Plenum Press.

MERLUZZI, T.V. & BOLTWOOD, D. 1989. Cognitive assessment. *In: Freeman, A. et al. (eds). Comprehensive handbook of cognitive therapy.* New York: Plenum Press.

MORALES, A. & SHEAFOR, B.W. 1989. *Social Work: A profession of many faces.* Boston: Allyn & Bacon Inc.

MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1988. *Metodologie van die geesteswetenskappe: basiese begrippe*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

NEALE, A. 1986. *Die effek van 'n kommunikasievaardigheidsprogram gebaseer op die beginsels van selfonthulling op die selfonthulling van adolessente kinderhuiskinders*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat (M.-verhandeling).

OOSTHUIZEN, D.J. 1986. *'n Ondersoek na die aard en gebruik van interaktiewe video-opleiding*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch (M.A.-verhandeling).

OTTO, M.E. 1983. *Die draaiboek as eerste vereiste vir geslaagde rolprentkommunikasie*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika (M.-verhandeling).

PATTON, M.Q. 1986. *Utilization-focused evaluation*. Beverley Hills: Sage Publications.

QUICK, J. & WOLFF, H. 1976. *Small studio video tape production*. Reading: Addison-Wesley Publishing Company.

RAYMOND, F.B. 1981. Program Evaluation. *In*: Grinnell, R.M. (Jr) (ed). *Social work research and evaluation*. Itasca: F.E. Peacock Publishers.

REESE, C.C. 1981. Use of video and super-8 film with drug dependent adolescents. *In*: Fryrear, J.L. *Videotherapy in mental health*. Illinois: Charles C. Thomas Publisher.

REHMAN, S.N. 1987. Emphasizing intentions: the power of film/video editing. *Media & Methods* 23(4):12-13, 29.

ROESKE, N.C.A. 1978. Videotapes as an educational experience. *In*: Berger, M.M. *Videotape techniques in psychiatric training and treatment*. New York: Brunner/Mazel Publishers.

ROESKE, N.C.A. 1979. The medium and the message: development of videotapes for teaching psychiatry. *The American Journal of Psychiatry* 136(11):1391-1397.

ROGERS, E.M. 1983. *Diffusion of innovations*. London: The Free Press.

ROSENBAUM, M. 1978. The issues of privacy and privileged communication. *In: Berger, M.M. Videotape techniques in psychiatric training and treatment.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

ROSSI, P.H. & FREEMAN, H.E. 1989. *Evaluation: a systematic approach.* London: Sage Publications.

ROTHMAN, J. 1980. *Social R&D: Research development in the human services.* New York: Springer Publishing Company.

ROTHMAN, J. 1980. *Using research in organizations: a guide to successful application.* Beverly Hills: Sage Publications.

RUTMAN, L. 1984. *Evaluation research methods: a basic guide.* Beverly Hills: Sage Publications.

SAUNDERS, J.W. 1977. *Die invloed van videotand-terugvoering en videoband-modellering op interpersoonlike kommunikasie.* Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat (M.A.-verhandeling).

SCHUERMAN, J.R. 1983. *Research and evaluation in the human services.* New York: The Free Press.

SEVERIN, W.J. & TANKARD, J.W. 1988. *Communication theories: origins, methods, uses.* New York: Longman.

SHOTTER, J. 1983. On viewing videotape records of oneself and others: a hermeneutical analysis. *In: Dowrick, P.W. & Biggs, S.J. (eds). Using video: psychological and social applications.* New York: John Wiley & Sons.

SIPORIN, M. 1975. *Introduction to social work practice.* New York: Macmillan.

SNYMAN, S.A. 1989. *The evaluation of welfare programmes with emphasis on the use of questionnaires.* Pretoria: Conference on social welfare programmes.

SPEAS, C.M. 1979. Job-seeking interview skills training: a comparison of four instructional techniques. *Journal of Counseling Psychology* 26(5):405-413.

G., SMIT, C. & DU TOIT, S. 1981. *Moderne statistiek vir die praktyk*. Die Outeurs.

S, S.A., STRYDOM, M.J. & VAN DER WALT, J.C. 1976. *Die Suidse persreg*. Pretoria: J.L. van Schaik Bpk.

T.F. 1969. The uses of video tape in training and development. *AMA Study*. New York: American Management Association Inc.

M, H. 1991. Die benutting van eksperimentele navorsing in Maatskaplike *laatskaplike Werk/Social Work* 27(1):28-35.

M.H. & FRY, R.A. 1979. Therapeutic videotape and film modeling: a *Psychological Bulletin* 86(4):701-720.

S, E.J. 1981. Developmental research: a model for interventional innovation: Grinnell, R.M. (Jr) (ed). *Social work research and evaluation*. Itasca: Publishers.

WILSON, L.E. 1981. The use of video in assertiveness training for women. Grinnell, R.M. (Jr) (ed). *Videotherapy in mental health*. Illinois: Charles C. Thomas Publishers.

WILSON, L.E. 1981. The logic of research design. In: Grinnell, R.M. (Jr) (ed). *Social work research and evaluation*. Itasca: F.E. Peacock Publishers.

WILSON, L.E. 1983a. *The assessment of social research*. Itasca: F.E. Peacock Publishers.

WILSON, L.E. 1983b. *Evaluative research for social workers*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall Inc.

MAN, B.W. 1985. *Evaluating instructional programs*. Boston: Allyn & Bacon

MAN, B.W. & WAHEED, M.A. 1985. Case study 2: Summative evaluation. In: MAN, B.W. *Evaluating instructional programs*. Boston: Allyn & Bacon

VAN DER MERWE, C.B. 1988. *Onderrigvaardighede in die kundigheidsrepertoire van die maatskaplike werker*. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit (M.-verhandeling).

VAN ZYL, M.A. 1986. *The validation of the Heimler scale of social functioning (HSSF) for client groups in South Africa*. Durban: University of Natal (Ph.D. thesis).

WALTZ, T.H. & HOFFMAN, F. 1982. The professional social worker and the year 2000. *In: Sanders, D.S. et al. (eds). 1982: Fundamentals of social work practice: a book of readings*. Belmont: C.A. Wadsworth.

WEISHAAR, M.E. & BECK, A.T. 1986. Cognitive therapy. *In: Dryden, W. & Golden, W. (eds). Cognitive-behavioural approaches to psychotherapy*. London: Harper & Row Publishers.

WESSLER, R.L. & HANKIN-WESSLER, S. 1986. Cognitive appraisal therapy (CAT). *In: Dryden, W. & Golden, W. eds. Cognitive-behavioural approaches to psychotherapy*. London: Harper & Row Publishers.

WESSLER, R.L. & HANKIN-WESSLER, S. 1989. Cognitive group therapy. *In: Freeman, A. et al. (eds). Comprehensive handbook of cognitive therapy*. New York: Plenum Press.

WIEGAND, I. 1985. *Professional video production*. New York: Knowledge Industry Publications Inc.

WOLVERTON, M. 1983. *How to make documentaries for video/radio/film*. Houston: Gulf Publishing Company.

Doc: 303272  
Copy: 303635.



R34,55.